

# 1986

---

## JAARVERSLAG

---



---

## WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

---



# 1986

## JAARVERSLAG

### WATER- NAVORSINGS- KOMMISSIE

Waternavorsingskommissie  
Posbus 824  
PRETORIA  
0001

Telegrafiese Adres:  
WATERKOM  
Teleks: 32-0464 WATKO SA  
Telefoon: (012) 28-5461  
ISBN 0 908356 64 1



This report is also available in English

# DIE DOELSTELLINGS VAN DIE WATERNAVORSINGS- KOMMISSIE

Ingevolge artikel 2(3) van die Waternavorsingswet 1971 (Wet nr. 34 van 1971) is die doelstellings van die Kommissie om "navorsing ten opsigte van

(a) die voorkoms, bewaring, opgaring, gebruik, beheer, voorsiening, distribusie, suiwering, besoedeling of herwinning van watervoorrade en water;

(b) die gebruik van water vir  
(i) landboudoeleindes;  
(ii) nywerheidsdoeleindes; of  
(iii) stedelike doeindes,

soos deur die Minister in die besonder of in bree trekke bepaal, te koördineer, te bevorder, aan te moedig of te laat onderneem".

Artikel 3(1) van bogenoemde wet wat handel oor die werksaamhede van die Kommissie, bepaal onder andere dat die Kommissie "kennis met betrekking tot die resultate van sodanige navorsing en die toepassing daarvan sal versamel, assimileer en versprei, en ontwikkelingswerk vir die doeindes van sodanige toepassing sal bevorder".



# INHOUD

|  |     |
|--|-----|
| Die doelstellings van die Waternavorsingskommissie   | ii  |
| Voorleggingsbrief aan die Minister van Omgewingsake en van Waterwese                                 | v   |
| Lede van die Waternavorsingskommissie  | vi  |
| Senior personeel   | vii |
| <b>1 Inleiding</b>   | 1   |
| Hersamestelling van die Waternavorsingskommissie   | 1   |
| Finansiering van waternavorsing  | 1   |
| Universiteitsnavorsing   | 2   |
| Inligtingsessie vir parlementariërs  | 2   |
| Navorsing en die droogte   | 2   |
| Rekensemtrum vir Waternavorsing  | 3   |
| Navorsing oor reënvalstimulering   | 4   |
| Membraantegnologie   | 4   |
| Buitelandse adviseurs  | 5   |
| Finansiële besteding aan navorsingsgebiede   | 5   |
| <b>2 Navorsing oor oppervlakhidrologie</b>   | 7   |
| Nuwe navorsingsprojek oor oppervlakhidrologie  | 9   |
| Voltooiing van projekte  | 9   |
| Lys navorsingsprojekte   | 10  |
| <b>3 Navorsing oor grondwater</b>  | 11  |
| Voltooiing van projekte  | 11  |
| Lys navorsingsprojekte   | 14  |
| <b>4 Navorsing oor hidrometeorologie</b>   | 15  |
| Reënvalstimulering   | 15  |
| Neerslagstatistieke  | 16  |
| Lys navorsingsprojekte   | 16  |
| <b>5 Navorsing oor besproeiing</b>   | 17  |
| Voltooiing van projek  | 18  |
| Nuwe navorsingsprojek  | 19  |
| Lys navorsingsprojekte   | 19  |
| <b>6 Navorsing oor saliniteit</b>  | 21  |
| Versouting in die Oos- en Suidwes Kaap   | 21  |
| Versouting in die PWV gebied   | 22  |
| Nuwe projekte  | 22  |
| Lys navorsingsprojekte   | 24  |
| <b>7 Navorsing oor eutrofikasie</b>  | 25  |
| Bestuurgeoriënteerde modelle vir eutrofikasiebeheer  | 25  |
| Die inhibering van alggroei deur waterhiasinte   | 26  |
| Die invloed van die fosfaatstandaard op die watergehalte en die trofiese status van Hartbeespoortdam | 26  |
| Fosfaatuitvoermodelle vir opvanggebiede  | 26  |
| Binnelandse waterekosisteme  | 26  |
| Lys navorsingsprojekte   | 28  |
| <b>8 Navorsing oor die behandeling van municipale afvalwater</b>                                     | 29  |
| Fosfaatverwydering in die geaktiveerde-slykproses  | 29  |
| Slykuitdying en biologiese skuim in die geaktiveerde-slykproses                                      | 31  |
| Fosfaatverwydering uit sypelbeduitvloeisels  | 31  |



|  |    |
|--|----|
| Alg-akwakultuur  | 32 |
| Inligtingoordrag van resultate   | 32 |
| Lys navorsingsprojekte   | 32 |
| <b>9 Navorsing oor die behandeling en wegdoening van rioolslyk</b>       | 33 |
| Voltooiing van projekte  | 33 |
| Nuwe projekte  | 34 |
| Lys navorsingsprojekte   | 36 |
| <b>10 Navorsing oor die seestorting van uitvloeisels</b>                 | 37 |
| Navorsingsprojek   | 38 |
| <b>11 Navorsing oor die behandeling van nywerheidsuitvloeisels</b>       | 39 |
| 'n Nasionale Opname van Nywerheidswater en Afvalwater (NATSURV)          | 39 |
| Die ontwikkeling van ondersteuningstelsels vir kruisvloeimikrofiltrasie  | 40 |
| Voltooide projekte   | 41 |
| Nuwe projek  | 41 |
| Lys navorsingsprojekte   | 42 |
| <b>12 Navorsing oor waterbehandeling en -hergebruik</b>                  | 43 |
| Tegnologiese aspekte van waterbehandeling en -hergebruik                 | 43 |
| Gesondheids- en kwaliteitsaspekte van drinkwater                         | 44 |
| Nuwe projekte in verband met waterkwaliteit                              | 45 |
| Lys navorsingsprojekte   | 46 |
| <b>13 Navorsing oor ontsouting</b>                                       | 47 |
| Tru-osmose   | 47 |
| Elektrodialise met omkeerbare polariteit                                 | 48 |
| Lys navorsingsprojekte   | 48 |
| <b>14 Navorsing oor waterbesparing in stedelike gebiede</b>              | 49 |
| Lys navorsingsprojekte   | 50 |
| <b>15 Navorsing oor waterbesparing by kragstasies</b>                    | 51 |
| Lys navorsingsprojekte   | 52 |
| <b>16 Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings</b> | 53 |
| Lys navorsingsprojekte   | 54 |
| <b>17 Navorsingsondersteuningsdienste</b>                                | 55 |
| Die Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Water                           | 55 |
| Rekensentrum vir Waternavorsing  | 57 |
| Hidrologiese Inligtingstelsel  | 58 |
| Lys ondersteuningsdienste  | 58 |
| <b>18 Die oordrag van inligting en tegnologie</b>                        | 59 |
| Vennootskapsnavorsing  | 59 |
| Publikasies  | 59 |
| Konferensies, seminare, werksessies en demonstrasies                     | 61 |
| Massamedia   | 61 |
| Benutting van buitelandse kundigheid                                     | 61 |
| <b>19 Finansiële state</b>   | 62 |
| <b>20 Bylae 1: Voltooide en nuwe projekte</b>                            | 70 |
| <b>21 Bylae 2: Publikasies vir 1986</b>                                  | 72 |



Waternavorsingskommissie  
Posbus 824  
PRETORIA  
0001  
30 Junie 1987

Geagte mnr Kotzé

Met genoëë word die verslag van die  
Waternavorsingskommissie hiermee aan u voorgelê. Hierdie  
verslag dek die tydperk 1 Januarie 1986 tot 31 Desember 1986

Die balansstaat en staat van inkomste en uitgawes vir die  
boekjaar 1 Januarie 1986 tot 31 Desember 1986 soos deur die  
Ouditeur-generaal gesertifiseer, word in Hoofstuk 19 van hierdie  
verslag verstrek.

Hoogagtend die uwe

J P Kriel  
VOORSITTER

P E Odendaal  
UITVOERENDE DIREKTEUR

Mnr G J Kotzé, LP  
Minister van Omgewingsake en van  
Waterwese  
Privaatsak X9039  
KAAPSTAD  
8000



# LEDE VAN DIE WATERNAVORSINGS- KOMMISSIE SOOS OP 31 DESEMBER 1986

VOORSITTER:

Dr JP Kriel

Konsultant: Spesiale waterstudies vir die Departement van Waterwese en voormalige Sekretaris van die Departement van Waterwese

UITVOERENDE DIREKTEUR:

Mnr PE Odendaal

Mnr GCD Claassens

Adjunk-direktein-generaal:

Departement van Waterwese

Mnr JG du Plessis

Direktein-generaal:

Departement van Waterwese

Dr CF Garbers

President:

Wetenskaplike en

Nywerheidnavorsingsraad

Dr DW Immelman

Direktein-generaal:

Departement van Landbou-  
ekonomie en -bemarking

Mnr A J Raubenheimer (DVD)

Voormalige Minister

van Waterwese

Prof DJ Schoeman

Dekaan:

Fakulteit Ingenieurswese

Universiteit van Pretoria

Dr WL van Wyk,

Voormalige Adjunk-direktein-generaal:

Departement van Mineraal-  
en Energiesake



# SENIOR PERSONEEL

## VAKKUNDIG

HOOFADVISEUR:  
Dr WHJ Hattingh

SENIOR ADVISEURS:

Dr OO Hart  
(Nywerheidswater)

Mnr JE McGlashan  
(Slyk en vaste afval;  
seestorting van  
uitvloeisels)

Dr MJ Pieterse  
(Kwaliteitsaspekte van  
drinkwater; mynwater;  
Redakteur: Water SA;  
tegnologie-oordrag)

Dr CF Schutte  
(Ontsouting; water-  
besparing by kragstasies;  
waterherwinning en  
-hergebruik)

Dr HNS Wiechers  
(Eutrofikasie; municipale  
uitvloeisels)

HOOFADVISEUR:  
Mnr DS van der Merwe

SENIOR ADVISEURS:

Mnr HC Chapman  
(Stedelike hidrologie en  
waterbesparing)

Mnr DWH Cousens  
(Oppervlakhidrologie en  
-waterbronre;  
hidrometeorologie)

Dr GC Green  
(Landbou-waterverbruik;  
versouting)

Dr PJT Roberts  
(Grondwater;  
reënvalstimulering;  
weerkundige wetenskappe)

## ADMINISTRATIEF

DIREKTEUR: ADMINISTRASIE  
Mnr HC Lombard


DIREKTEUR: FINANSIES  
Mnr PM van der Schyff





# 1

## INLEIDING



Van die belangrikste gesigspunte en verwikkelings wat in 1986 na vore gekom het, word kortliks in hierdie hoofstuk saamgevat.

### HERSAMESTELLING VAN WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

Die samestelling van die Waternavorsingskommissie (WNK) is gedurende die jaar deur die Minister van Landbou-ekonomiese en van Waterwese, mnr. J. J. G. Wentzel, in oorleg met die Kabinet hersien. Die hersiening vind elke drie jaar plaas en die huidige aanstellings geld vanaf 1 Augustus 1986.

Ingevolge die Waternavorsingswet bestaan die WNK uit nege lede, naamlik die Direkteur-generaal van die Departement van Waterwese en die Uitvoerende Directeur van die WNK – wat albei in hulle ampelike hoedanigheid daarin dien – en sewe addisionele lede. Behalwe dat dr. N. Stutterheim aan die einde van Julie 1986 uitgetree het en mnr A. J. Raubenheimer (voormalige Minister van Waterwese) as nuwe lid toegetree het, is die samestelling van die WNK nie verander nie. Die samestelling van die Kommissie is soos op bladsy (vi) weergegee.

### FINANSIERING VAN WATERNAVORSING

Die WNK het sedert sy ontstaan daarin geslaag om kundige mannekrag oor 'n breë front van dissiplines en organisasies vir waternavorsing te mobiliseer.

Die momentum en belangstelling wat deur die jare opgebou is, word egter tans gestrem deur onvoldoende fondse. Vir die 1987-boekjaar is voorleggings vir nuwe projekte ten bedrae van R9,35 miljoen oorweeg, terwyl slegs R3,22 miljoen vir nuwe kontrakte afgestaan kon word.

Die WNK was in sy beginjare in 'n posisie om reserwefondse op te bou. In daardie stadium was die Kommissie in 'n proses om die land se kundigheid vir waternavorsing te stimuleer en om aanvanklike navorsingsprioriteite te bepaal. Die reserwes was voldoende om tot 1980 in die toenemende vraag na fondse te voorsien en dit was eers na tien jaar, in 1981, nodig om vir die eerste keer 'n verhoging in die heffings aan te vra – ten spyte van die feit dat die inflasiekoers jaarliks die stygingskoers in waterverbruik (en derhalwe die stygingskoers in die WNK se inkomste) oorskry het. Die jaarlikse styging in waterverbruik was in die orde van 6 tot 7 % teenoor 'n inflasiekoers van 5,8 % in 1971 tot 18,6 % in 1986.


In 1982 was daar geen verhoging in die heffings nie maar sedert 1983 wel jaarliks. Ten spyte hiervan kon die WNK, weens die hoe

inflasiekoers, die reële styging in navorsingskostes en veral die volgehoue waterbeperkings in die PWV-gebied sedert 1983, geen reële vordering in inkomste toon in vergelyking met 1975 nie.

## UNIVERSITEITSNAVORSING

Voordat die WNK in 1971 gestig is, was waternavorsing hoofsaaklik deur die WNNR en sekere staatsdepartemente met skatkisfondse uitgevoer. Weens 'n gebrek aan fondse was waternavorsing by universiteite op 'n baie beskeievlak gedoen. As deel van sy befondsingstrategie het die WNK gepoog om waternavorsing by universiteite te stimuleer in prioriteitsgebiede wat nie voldoende aandag elders ontvang het nie.

Die resultaat van hierdie beleid is dat die WNK in 1986 soveel as 45 projekte by 31 verskillende universiteitsdepartemente gefinansier het. In die proses is daarin geslaag om sowat tien sentra van kundigheid te skep. Hierdie sentra is nasionale bates wat nie net deur die WNK benut word nie, maar ook deur staatsdepartemente, plaaslike owerhede en die nywerheid. Hierbenewens verskaf die sentra gespesialiseerde opleiding wat help om die kundigheid van die land se waternywerheid uit te bou.



Die aanwending van 'n elektroniese audio-akoestiese instrument vir lekopsporing in pypnetwerke.

## INLIGTINGSESSIE VIR PARLEMENTARIËRS

In Mei 1986 het die WNK vir die eerste keer sedert sy ontstaan 'n inligtingssessie vir parlementslede aangebied. Alhoewel die jaarlikse tertafellegging van die jaarverslag in die Parlement wel die WNK se aktiwiteit gereeld onder die aandag van parlementslede bring, was daar tog 'n behoefte om die probleemveld wat navorsing vereis en die strategieë wat in dié verband gevvolg word pertinent toe te lig.

Die inligtingssessie sou slegs op 21 Mei 1986 aangebied word, maar omdat dit nie vir lede van die Huis van Verteenwoordigers moontlik was om dit op dié datum by te woon nie, is die inligtingssessie op spesiale versoek ook op die vorige dag aangebied.

## NAVORSING EN DIE DROOGTE

Navorsing oor die algemeen is 'n langtermynaktiwiteit wat selde 'n krisisbenadering kan volg. Waternavorsing is geen uitsondering nie en daarom het die droogte van die afgelope paar jaar die WNK se navorsingsprogram min beïnvloed.

Slegs twee navorsingsinisiatiewe is direk deur die huidige droogte gepresipeer, naamlik dié in verband met waterverliese uit munisipale verspreidingsnetwerke en in verband met sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings.

### Waterverliese uit pypnetwerke

Die WNK se betrokkenheid in hierdie veld het in 1983 begin toe die Kommissie gevorderde elektroniese toerusting vir lekopsporing in Suid-Afrika laat demonstreer het. Vroeë resultate was baie bemoedigend en verskeie plaaslike owerhede het reeds van die toerusting aangekoop.

Die werk is opgevolg met 'n projek om 'n waterverliesbeheer-program vir plaaslike owerhede te ontwikkel en te demonstreer.



Die werk is in Pretoria en Johannesburg gedoen. Die resultate het getoon dat lekkasieverliese in sekere stadsgebiede oor die algemeen hoër was as wat verwag is, en dat groot lekkasies dikwels, anders as wat aanvaar is, onsigbaar vir visuele inspeksie op die oppervlak is. Die gemiddelde waterverliese in 19 geselekteerde woongebiede in Johannesburg was 30 persent.

### Sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings

Die streng waterbeperkings wat sedert 1983 in Natal en in die Vaalrivier-voorsieningsgebied ingestel is en wat nog steeds vir die Vaalrivier-gebied geld, het die WNK genoeg om onderzoek te laat instel na die sosio-ekonomiese gevolge daarvan.

Die ondersoek word deur drie verskillende instansies uitgevoer, en elkeen kyk na verskillende fasette. Die verdeling is soos volg:

- Huisbewoners: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika.
- Besproeiingsboerdery, mynbou, elektrisiteitsvoorsiening en die sentrale owerheid: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die OVS.
- Plaaslike owerhede, handel en nywerheid: Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe, Universiteit van Natal.

Die ondersoek oor die ekonomiese verliese van huishoudings is reeds voltooi, terwyl die ander ondersoeke in die loop van 1987 afgehandel sal word. 'n Gesamentlike verslag sal gepubliseer word.

Dit is duidelik dat die beperkings 'n aansienlike invloed op mense se lewensgehalte het.

### REKENSENTRUM VIR WATERNAVORSING

Die Rekensentrum vir Waternavorsing wat vroeg in 1986 onder 'n vyfjaarooreenkoms met IBM (nou ISM) by die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg gevestig is, is op 23 April 1986 formeel deur die Voorsitter van die Waternavorsingskommissie, dr. J.P. Kriel, geopen.

Alhoewel die ooreenkoms 'n vyfjaartermy� dek, bevat dit 'n hersieningsklousule waarvolgens financiering na 'n jaar slegs voortgesit sou word indien die borge (die WNK en IBM) tevreden is met die mate van vordering.



Van links: Mn. J. Clarke, besturende direkteur IBM (nou ISM (Edms) Bpk), in gesellige luim met dr. J.P. Kriel, Voorsitter van die WNK, en mev. P. Booysen, eggenote van die Rektor van die Universiteit van Natal, tydens die amptelike opening van die Rekensentrum vir Waternavorsing.



Die sentrum se vordering en prestasie het inderdaad die doelwitte vir die eerste jaar oortref en daar is eenparig deur al die partye besluit dat die tweede fase van die ooreenkoms moet voortgaan.

## NAVORSING OOR REËNVALSTIMULERING


Die inleidende fase van die navorsingsprojek oor reënvalstimulering wat die WNK sedert 1983 by Nelspruit ondersteun het, het op 31 Desember 1986 ten einde geloop. Dit is uitgevoer ingevolge 'n ooreenkoms tussen die WNK en die Maatskappy vir Navorsing oor Atmosferiese Watervoorsiening (MANATWA).

MANATWA het Simpson Weather Associates (SWA) van die VSA as hoofnavorsers gesubkontrakteer en Cansas International Corporation (CIC) van Nelspruit as operateurs van die navorsingstoerusting. Beide SWA en CIC was betrokke by data-ontleding.

Die inleidende fase was hoofsaaklik daarop gerig om die mechanismes wat reënval in die gebied veroorsaak te verstaan en slegs baie beperkte wolkbestrooiing is gedoen.

Die resultate van die navorsing was baie bemoedigend: Daar was veral groot vordering in die vermoë om betekenisvolle metings uit te voer en data te ontleed. Daar is ook aanduidings uit die resultate van die beperkte bestrooiing dat bestrooiende wolke tot groter volumes groei, groter areas dek en meer reënval produseer (gegrond op radarmetings) as onbestrooiende wolke.

Op grond van die goeie vordering is daar besluit om die navorsing in 1987 voort te sit. Die hoofnavorsers sal egter nou die Afdeling Atmosferiese Wetenskappe van die WNNR se Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium wees, terwyl SWA gesubkontrakteer sal word om bepaalde spesialistake uit te voer. Op dié wyse kan die kundigheidskorps in die RSA op hierdie navorsingsgebied uitgebou word.



'n Buistipe  $400\text{m}^3/\text{d}$  tru-osmosestelsel vir herwinning van water uit sekondêre rioolwateruitvloeisel.

## MEMBRAANTEGNOLOGIE

Membraantegnologie is een van die navorsingsvelde waarin daar internasional en ook plaaslik vinnige vordering gemaak is en wat groot potensiaal inhou vir 'n wye reeks toepassings.

Met WNK-ondersteuning het werk deur die Instituut vir Polymeerwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, geleid tot die kommersialisering van cellulose-asetaatbuismembrane vir tru-osmose (TO) en polisulfoonbuismembrane vir ultrafiltrasie (UF). Ondersoek na die kommersialisering van dunfilm saamgestelde TO-membrane is nou in die finale stadium. Die grootste toepassing tot dusver is 'n  $8.5\text{ MI/d}$  TO-aanleg vir die herwinning van koeltoring-spuiwater by die Lethabo Kragstasie.

Die toepassing van TO en UF vir die behandeling van verskeie nywerheidsuitvloeisels is ook onder kontrak met die WNK suksesvol gedemonstreer deur die Besoedelingsnavorsingsgroep van die Universiteit van Natal.


Navorsing oor elektrodialise met omkeerbare polariteit het geleid tot die konstruksie van 'n  $4\text{ MI/d}$  aanleg by EVKOM se Tutuka Kragstasie vir die herwinning van koeltoring-spuiwater. EVKOM het ook tydens die droogte in 1983 'n  $6\text{ MI/d}$  aanleg vir



stoomketel-voerwater by sy Kriel Kragstasie opgerig om die verhoogde soutladings in die rouwater te kan hanteer.

Goeie vordering is ook gemaak met navorsing oor dinamiese membrane. Dit behels die neerlegging van polimeriese materiaal op ondersteuningsbuise van poreuse vlekvrye staal om membrane van verskillende grade van deurlaatbaarheid te vorm. Die voordeel van hierdie membrane is dat dit hoë temperatuur en uiterstes van pH kan hanteer. 'n Demonstrasie-aanleg met 'n vermoë van 77 m<sup>3</sup>/d is by Uitenhage opgerig vir die behandeling en hersirkulering van wolwassery-uitvloeisel.

Nog 'n opwindende ontwikkeling by die Universiteit van Natal se Besoedelingsnavorsingsgroep is kruisvloeimikrofiltrasie, wat gebruik maak van geweefde ondersteuningsbuise waarop chemiese koagulante gepresipeer word. Die toepassing hiervan vir die behandeling van uitvloeiels in die tekstiel-, karton-, pulp- en papierbedryf is reeds suksesvol bewys. Belowende resultate is ook behaal met die verdikking en ontwatering van slyke wat ontstaan by waterbehandeling. 'n Demonstrasie-aanleg in dié verband is op eie koste deur die Umgeni Waterraad in Pietermaritzburg opgerig.



'n Kruisvloeimikrofiltrasie demonstrasie-aanleg van die Umgeni Waterraad in Pietermaritzburg.

#### TABEL 1

#### BUITELANDSE ADVISEURS WAT DIE WNK IN 1986 GEADVISEER HET

| Adviseur   | Navorsingsgebied   |
|--|--|
| Professor David Jenkins, Universiteit van Kalifornië, Berkeley, VSA.               | Slykuitdying in die geaktiveerde-slykproses vir rioolwatersuiwering. |
| Professor R. E. Speece, Drexel Universiteit, Philadelphia, VSA.                    | Anaërobiese behandeling van uitvloeiels.                             |
| Professor I. Impens en Dr. R. J. M. Ceulemans, Universiteit van Antwerpen, België. | Doeltreffendheid van watergebruik deur besproeiingsgewasse.          |
| Professor Arie S. Issar, Jacob Blaustein Instituut vir Woestynnavorsing, Israel.   | Grondwaterversouting deur besproeiingspelwater.                      |

#### BUITELANDSE ADVISEURS

Die WNK betrek van tyd tot tyd buitelandse deskundiges om in navorsingsgebiede te adviseer waar plaaslike kennis nie beskikbaar of voldoende is nie. Deskundiges wat in 1986 vir dié doel betrek is, word genoem in **Tabel 1**.

#### FINANSIEËLE BESTEDING AAN NAVORSINGSGBIEDE

Die Kommissie het waternavorsing gedurende die jaar, soos in die verlede, binne die raamwerk van sy taakgebiede en ooreenkomstig bepaalde prioriteite ondersteun. In **Tabel 2** word 'n uiteensetting gegee van die finansiële toekenning aan die verskillende gebiede ingevolge navorsingsooreenkoms. Hierdie bedrae sluit nie konsultantgelde en bloktoekennings in nie.

Dit is belangrik om te besef dat 'n verlaging in die relatiewe finansiële toekenning nie noodwendig op 'n laer prioriteit vir 'n bepaalde gebied as sodanig dui nie – dit kan ook wees dat resultate nou suksesvol toegepas word sodat die behoefte vir die ondersteuning van die betrokke navorsing deur die Kommissie verminder het.

In die onderskeie hoofstukke word besonderhede gegee oor die Kommissie se financiering van navorsing op die verskillende terreine en oor die projekte wat gedurende die jaar ondersteun is. Van hierdie projekte is 13 gedurende die jaar afgehandel terwyl 20 nuwe projekte van stapel gestuur is (sien **Bylae 1**).



TABEL 2

UITGAWES AAN NAVORSINGSGEBIEDE IN R X 10<sup>3</sup>\*

|  | 1972        | 1973         | 1974           | 1975           | 1976             | 1977           | 1978           | 1979           | 1980           | 1981           | 1982           | 1983           | 1984             | 1985             | 1986<br>(beraam) |
|--|-------------|--------------|----------------|----------------|------------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|------------------|------------------|------------------|
| 1. Oppervlak-hidrologie                                  | -           | 1<br>(0,5%)  | 40<br>(6%)     | 221<br>(14%)   | 352<br>(11%)     | 214<br>(7,5%)  | 216<br>(7%)    | 274<br>(10%)   | 337<br>(12,5%) | 404<br>(13%)   | 234<br>(5,5%)  | 321<br>(5,5%)  | 569<br>(8,7%)    | 545<br>(7,5%)    | 677<br>(6,9%)    |
| 2. Grondwater  | -           | -            | -              | 252<br>(16%)   | 458<br>(14%)     | 448<br>(15,5%) | 586<br>(18,5%) | 345<br>(13%)   | 238<br>(9%)    | 202<br>(6%)    | 96<br>(2%)     | 102<br>(2%)    | 456<br>(7,0%)    | 610<br>(8,3%)    | 805<br>(8,2%)    |
| 3. Hidrometeorologie<br>(Hoofsaaklik reënvalstimulering) | -           | -            | 2<br>(0,5%)    | 10<br>(0,5%)   | 63<br>(2%)       | 141<br>(5%)    | 229<br>(7%)    | 277<br>(10,5%) | 254<br>(9,5%)  | 297<br>(9%)    | 1 223<br>(30%) | 2 285<br>(38%) | 1 846<br>(28,3%) | 2 030<br>(27,7%) | 2 254<br>(23,1%) |
| 4. Besproeiing   | -           | -            | -              | 29<br>(2%)     | 68<br>(2%)       | 86<br>(3%)     | 119<br>(4%)    | 167<br>(6%)    | 175<br>(6,5%)  | 250<br>(10%)   | 486<br>(12%)   | 578<br>(10%)   | 708<br>(10,8%)   | 823<br>(11,2%)   | 1 278<br>(13,1%) |
| 5. Salinititeit  | -           | -            | -              | -              | -                | -              | -              | -              | -              | -              | 106<br>(2,5%)  | 749<br>(12,5%) | 221<br>(3,4%)    | 235<br>(3,2%)    | 296<br>(3,0%)    |
| 6. Eutrofikasie  | -           | -            | 60<br>(9%)     | 72<br>(5%)     | 143<br>(4,5%)    | 180<br>(6%)    | 169<br>(5%)    | 69<br>(2,5%)   | 54<br>(2%)     | -              | 59<br>(1,5%)   | 89<br>(1,5%)   | 133<br>(2%)      | 83<br>(1,1%)     | 156<br>(1,6%)    |
| 7. Municipale afvalwater, rioolslyk en seestorting       | -           | 24<br>(6,5%) | 116<br>(17,5%) | 125<br>(8%)    | 126<br>(4%)      | 131<br>(4,5%)  | 690<br>(22%)   | 262<br>(10%)   | 257<br>(9,5%)  | 365<br>(11,5%) | 318<br>(8%)    | 264<br>(4%)    | 370<br>(5,7%)    | 386<br>(5,3%)    | 566<br>(5,8%)    |
| 8. Nywerheidsuitvloeiels                                 | -           | 7<br>(2%)    | 38<br>(5,5%)   | 69<br>(4,5%)   | 136<br>(4%)      | 204<br>(7%)    | 243<br>(7,5%)  | 297<br>(11%)   | 411<br>(15%)   | 495<br>(15,5%) | 487<br>(12%)   | 626<br>(10,5%) | 1 290<br>(19,8%) | 1 305<br>(17,8%) | 1 788<br>(18,3%) |
| 9. Watersuiwering en hergebruik                          | 20<br>(80%) | 238<br>(67%) | 293<br>(44,5%) | 569<br>(37%)   | 1 662<br>(51,5%) | 1 279<br>(44%) | 689<br>(22%)   | 754<br>(28%)   | 581<br>(22%)   | 643<br>(20%)   | 650<br>(16%)   | 256<br>(4%)    | 339<br>(5,2%)    | 194<br>(2,7%)    | 596<br>(6,1%)    |
| 10. Ontsouting   | 5<br>(20%)  | 71<br>(20%)  | 104<br>(16%)   | 179<br>(11,5%) | 174<br>(5,5%)    | 152<br>(5,5%)  | 199<br>(6%)    | 180<br>(7%)    | 163<br>(6%)    | 188<br>(6%)    | 187<br>(4,5%)  | 361<br>(6%)    | 317<br>(4,9%)    | 316<br>(4,3%)    | 708<br>(7,3%)    |
| 11. Waterbesparing in stedelike gebiede                  | -           | -            | -              | 16<br>(1%)     | 38<br>(1%)       | 54<br>(2%)     | 22<br>(1%)     | 27<br>(1%)     | 110<br>(4%)    | 136<br>(4%)    | 158<br>(4%)    | 139<br>(2%)    | 41<br>(0,6%)     | 621<br>(8,5%)    | 300<br>(3,1%)    |
| 12. Waterbesparing by elektriese kragsentrales           | -           | 14<br>(4%)   | 7<br>(1%)      | 8<br>(0,5%)    | 6<br>(0,5%)      | -              | -              | 20<br>(1%)     | 109<br>(4%)    | 177<br>(5%)    | 87<br>(2%)     | 228<br>(4%)    | 233<br>(3,6%)    | 173<br>(2,4%)    | 337<br>(3,5%)    |
| TOTAAL   | 25          | 355          | 660            | 1 550          | 3 226            | 2 889          | 3 162          | 2 672          | 2 689          | 3 157          | 4 091          | 5 998          | 6 523            | 7 321            | 9 761            |

\* Uitgawes wat ingevolge kontrakte vir die uitvoering van navorsingsprojekte aangegaan is.  
(Die syfers tussen hakies dui die persentasies vir die betrokke jaar aan).

# 2

## NAVORSING OOR OPPERVLAKHIDROLOGIE

Die doel van navorsing oor oppervlakhidrologie is, in die geheel gesien, die bevordering van die optimum ontwikkeling en bestuur van oppervlakwaterhulpbronne in Suider-Afrika. In die strewe na die verwesenliking van hierdie doelwit moet navorsing onderneem word in drie primêre rigtings:

- die akkurate bepaling van die tyd- en ruimtelike eienskappe van oppervlakwaterhulpbronne;
- die bepaling van patronen en tendense sodat 'n vooruitskatting van die toekomstige vraag en aanbod na water gemaak kan word; en
- die ontwikkeling van wetenskaplike metodes vir die evaluering van alternatiewe bestuursopsies, met inbegrip van bestuur vir opvanggebiede.


By die bepaling van prioriteite vir hidrologiese navorsing, is die volgende faktore in ag geneem:

- die kwantiteit en kwaliteit van die betrokke water (insluitende faktore soos vraag en aanbod);
- die waarde van water in die lig van strategiese-, ekonomiese-sosiale- en omgewingsoorwegings;
- die aard en dringendheid van die navorsing; en
- die huidige stand van kennis en tegnologiese ontwikkeling.

Indien navorsing voordele oplewer in terme van groot hoeveelhede nuttige water van hoë gehalte, word dit as belangrike navorsing beskou. As hierdie potensiële voordele groot is relatief tot die koste verbonde aan die navorsing (mannekrag, tyd en finansiële koste) en indien daar 'n redelike kans op sukses bestaan, sal 'n hoë prioriteit aan die navorsing toegeken word. Om die trefkrag van hierdie voordele egter nog verder te verstrek, behoort die navorsing doelgerig te wees, en die behoeftes van die eindgebruiker moet as basis vir die doelwit dien. Dit sal ook die praktiese toepassing van resultate bevorder.

Om leiding te verskaf ten opsigte van watter navorsing tans as belangrik beskou word, is 'n nuwe meesterplan vir hidrologiese navorsing ontwikkel. In hierdie plan is doelgerigte navorsingsbehoeftes geïdentifiseer. Navorsings- en finansieringsinstansies sal aangemoedig word om hulle navorsing binne die raamwerk van hierdie nuwe meesterplan te bestuur.

Oor die algemeen sal die klem vir hidrologiese navorsing oor die volgende aantal jare val op die ontwikkeling van wetenskaplike metodes om alternatiewe bestuursopsies vir waterhulpbronne te evalueer. Dit behels:




Finansiering van navorsing oor Oppervlakhidrologie uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.



- die ontwikkeling van genoegsame kennis oor die hidrologiese gevolge van landelike grondbenutting en verstedeliking met die oog op die bestuur van opvanggebiede (bv. deur middel van prosesstudies gekombineer met modelontwikkeling en -toetsing);
- die ontwikkeling van meer doeltreffende bedryfstrategieë vir watervoorsieningstelsels (bv. deur die ontwikkeling van verbeterde besluitnemingsondersteuningstelsels);
- die ontwikkeling van metodes om waterverliese uit waterhulpbronstelsels te beheer (bv. deurdat onproduktiewe evapotranspirasie en transmissieverliese verminder word); en
- die ontwikkeling en evaluering van die tegnologie vir die verhoging van oppervlakwatervoorrade (bv. deur die bepaling van die hidrologiese gevolge van reënvalstimulering).

Oor die afgelope aantal jare het dit in toenemende mate duidelik geword dat die vernaamste beperking met betrekking tot hidrologiese navorsing die gebrek aan geredelik beskikbare gerekenariseerde data is. Daar word dus nou 'n poging aangewend om die hidrologiese inligtingsistema in die land te verbeter. Oor hierdie navorsingsondersteuningsdienste word in Hoofstuk 17 verslag gelewer.



'n Skematische voorstelling van die ACRU-model wat deur die Departement Landbou-ingenieurswese van die Universiteit van Natal aferond word.

Gedurende die jaar het die Kommissie sewe hidrologiese navorsingsprojekte ondersteun. Drie is gedurende die jaar afgehandel en een nuwe projek is van stapel gestuur.

## NUWE NAVORSINGSPROJEK OOR OPPERVLAKHIDROLOGIE

### Navorsing oor die effekte van verstedeliking op die waterbalans van 'n opvanggebied

Hierdie nuwe projek van die Universiteit van die Witwatersrand is in wese 'n voortsetting van 'n vorige projek oor stedelike hidrologie en dreinering, wat gedurende 1986 voltooi is.



Die uitwerking van verskillende grondbenuttingsmetodes op waterhulpbronne word ook bestudeer.

Daar is 'n gebrek aan gemete data oor die gevolge van verstedeliking op die hidrologie van opvanggebiede, veral betreffende hidrograafvorm en waterbalans. Die hoofdoelstelling van die nuwe projek is dus om die gevolge van verstedeliking op die hidrologie van 'n opvanggebied, vanuit die oogpunt van waterhulpbronne, te voorspel.

## VOLTOOIING VAN PROJEKTE

### Hidrologiese navorsing in opvanggebiede in Noordoos-Natal

Hierdie projek is deur die Universiteit van Zoeloeland onderneem en het 'n voorlopige studie van die waterkwaliteit en -kwantiteitverhoudings van die riviere in die Ntuzé-opvanggebiede behels. Die hidrologiese datastel van hierdie navorsingsopvanggebiede is tegelykertyd uitgebrei en opgedateer. Hierdie data is baie nuttig vir die toetsing van hidrologiese modelle, aangesien hulle 'n maatstaf is van die reaksie van opvanggebiede wat in 'n vogtiger klimaatstreek as ander navorsingsopvanggebiede in Suid-Afrika geleë is.

### Navorsing oor stedelike hidrologie en dreinering

Hierdie projek, wat deur die Universiteit van die Witwatersrand onderneem is, het in 1986 ten einde geloop. Die navorsing was hoofsaaklik gemik op die ontwikkeling van 'n kinematiese teorie oor hidrologie, in 'n vorm wat vir gebruik op tafelrekenaars geskik sal wees. Daarna is hierdie metode vergelyk met en beter



gevind as ander metodes wat tans vir die bepaling van afloop gebruik word.

#### **Die evaluering van hidrologiese vloedberamingstegnieke vir klein opvanggebiede sonder meetstrukture**

Hierdie projek is deur 'n raadgewende ingenieursfirma onderneem. Die doelstellings van die projek was om 'n vergelyking te tref tussen verskillende erkende vloedberamingstegnieke wat dikwels in die praktyk gebruik word om vloedberamings te maak van klein opvanggebiede sonder meetstrukture.

In die lig van die huidige ontwikkelingsvlak van die tegnieke en die beperkende faktore betreffende data waarna voorheen verwys is, het die navorsing bewys gelewer dat stedelike opvanggebiede voldoende deur die meeste van die sewe metodes wat getoets is, gemodelleer kan word. Vloedberaming vir landelike gebiede was egter baie minder betroubaar.

Oor die algemeen is gevind dat die vermoë van die metodes om afloopvolumes te beraam, beter is as hulle vermoë om spitsvloeitempo's te bepaal. Hierdie metodes vereis sintetiese reënvaldistribusies en dit het 'n belangrike uitwerking op spitsvloeiberaming. Alhoewel hierdie gevolgtrekking as geldig beskou word vir gebruik in die modellering van "intydse" gebeurtenisse, vermaan die auteurs vanweë navorsingsbeperkings die leser tot omsigtigheid oor hulle interpretasie van "ontwerp"-gebeurtenisse. Die resultate verteenwoordig egter nogtans die mees algemene en algehele evaluering van die metodes in Suid-Afrika deur middel van objektiewe, "ontwerpmodus"-toetsing.

#### **LYS NAVORSINGSPROJEKTE**

- Navorsing oor stedelike hidrologie en dreinering (Voltooide projek. Kontrak met die Universiteit van die Witwatersrand – Departement Siviele Ingenieurswese, Navorsingsprogram vir Waterstelsels).
- Navorsing oor die evaluering van hidrologiese vloedberamingstegnieke vir klein opvanggebiede sonder meetstrukture (Voltooide projek. Kontrak met 'n firma raadgewende ingenieurs; Steffen, Robertson en Kirsten).
- Hidrologiese navorsing in opvanggebiede in Noordoos-Natal (Voltooide projek. Kontrak met die Universiteit van Zoeloeland – Hidrologiese Navorsingseenheid).
- Hidrologiese navorsing in opvanggebiede van die oostelike en suidelike Kaapprovinsie (Bestaande projek. Kontrak met Rhodes Universiteit – Departement Aardrykskunde).
- Navorsing oor ontwerpstormvloe- en spitsaflooptempo's vir klein opvanggebiede in Suider-Afrika (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Departement Landbouingenieurswese).
- Toegepaste hidrologiese proses- en modelleringstudies vir die bepaling van water- en sedimentlewering. (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Departement Landbou-ingenieurswese).
- Navorsing oor die effekte van verstedeliking op die waterbalans van 'n opvanggebied (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van die Witwatersrand – Departement Siviele Ingenieurswese, Navorsingsprogram vir Waterstelsels).



# 3


## NAVORSING OOR GRONDWATER

Grondwater is vir Suid-Afrika van belang omdat ongeveer twee derdes van die oppervlakte van die land op grondwater toegewys is vir huishoudelike gebruik, vir veesuiping, besproeiing op 'n beperkte skaal en as watertoevoer vir die kleiner munisipaliteite. Die totale volume grondwater wat gebruik word, is egter slegs 15 % van die totale waterverbruik in Suid-Afrika.

Dit ly geen twyfel nie dat die Republiek die potensiaal het om baie meer gebruik te maak van sy grondwaterhulpbronne. In hierdie verband is die navorsingsprogramme wat deur die Kommissie gefinansier word hoofsaaklik ontwerp om die volgende aspekte te dek:

- die verbetering van tegnieke vir die bepaling van die ontginningspotensiaal van grondwater;
- die ontwikkeling van tegnieke sodat toereikende ramings gemaak kan word van die tempo waarteen grondwaternaamvulling in verskeie dele van die land plaasvind;
- ondersoek na die potensiaal om grond- en oppervlakwatervoorraad te integreer in konjunktiewe gebruikstelsels, veral in die PWV-gebied waar uitgebreide dolomietkompartemente aangetref word;
- die ontwikkeling van wiskundige modelle as hulpmiddels vir die raming en bestuur van verskeie Suid-Afrikaanse grondwaterstelsels. Aandag word gegee aan beide kwantitatiewe- en besoedelingsaspekte; en
- die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse nasionale databank vir grondwaterdata.

Gedurende die jaar het drie navorsingsprojekte ten einde geloop en hierdie projekte het die volgende behels: ontwikkeling van simulasiemodelle vir drie soorte akwifere wat in Suid-Afrika aangetref word; die ontwikkeling van 'n model vir die Grootfontein dolomitiese grondwaterkompartement; en 'n ondersoek na die dolomitiese grondwaterhulpbronne in die voorsieningsgebied van die Randse Waterraad.



Finansiering van navorsing oor Grondwater uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

### VOLTOOIING VAN PROJEKTE


#### Modelle vir Suid-Afrikaanse akwifere

Die projek "Die toepaslikheid van grondwatermodelle as 'n hulpmiddel in die bestudering en evaluering van Suid-Afrikaanse akwifere" is deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi.



Gedurende die projek is die aanvanklike ontwikkelingsfase van die model suksesvol uitgevoer ten opsigte van:

- die Sishengebied wat 'n sekondêre akwifeer het bestaande uit verbrokkelde vaste gesteente;
- die Atlantisgebied wat 'n primêre kusakwifeer het; en
- die Krokodilrivierstelsel wat 'n ongekonsolideerde alluviale akwifeer het wat in wisselwerking staan met die rivierstelsel.



Water word uit die Sishen-akwifeer onttrek.



Die Grootfontein-oog

Die vlak van kundigheid betreffende simulasiemodellering van grondwaterstelsels het aansienlik verbeter as gevolg van hierdie projek, en hierdie kundigheid is nou beskikbaar vir Suid-Afrika. Die simulasiemodelle wat uit die projek voortgespruit het word alreeds gebruik, bv. deur die Departement van Waterwese, die Instituut vir Grondwaterstudies (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), raadgewende ingenieurs, ens., as hulpmiddels vir die oplos van grondwaterprobleme in baie gebiede.

Daar is begin met 'n opvolgprojek, getitel "Die modellering van grondwaterkwaliteit in die Atlantis-akwifeer" sodat die



modelleringskundigheid oor grondwaterkwaliteit uitgebrei kan word.

### Modellering van die Grootfonteinkompartement

Gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1985 het die IGS in samewerking met die Afdeling Geohidrologie van die Departement van Waterwese 'n wiskundige model van die Grootfonteinkompartement saamgestel.

Die Grootfonteinkompartement, geleë in die dolomiete van die Wes-Transvaal, is al enkele jare lank reeds die onderwerp van 'n gedetailleerde ondersoek deur die Afdeling Geohidrologie, aangesien die kompartement water voorsien aan Mafikeng en Mmabatho, afgesien van besproeiingsvereistes. Gevolglik was 'n groot hoeveelheid geohidrologiese en geofisiese data oor die kompartement beskikbaar. Die doelstelling was dan om hierdie data te gebruik vir die konstruering van 'n wiskundige model om 'n beter begrip te verkry van die gedrag van die stelsel en om leiding te gee vir toekomstige pogings tot dataversameling.

Die modellering van die stelsel het geblyk baie suksesvol te wees en afgesien daarvan dat dit 'n nuttige gids is vir die bestuur van die stelsel, het die studie ook bygedra tot 'n beter begrip van die kenmerke van dolomitiese akwifere.

### Dolomitiese grondwater in die PWV-gebied

'n Projek getitel "Navorsing oor die dolomitiese grondwaterbronne in die voorsieningsgebied van die Randse Waterraad" is suksesvol afgehandel gedurende die jaar. Hierdie projek, wat deel uitgemaak het van die ondersoek deur die Departement van Waterwese na die moontlikheid om PWV-grondwaterhulpbronne te integreer met die voorsieningstelsel van die Randse Waterraad, het gehandel oor die plasing en sink van boorgate met 'n hoë lewering om water uit die dolomiete te ontrek. Dr. Uri Kafri (voorheen Direkteur van die Geologiese Opname in Israel) is deur die Kommissie aangestel en na die Departement gesekondeer vir hierdie ondersoek. Meer in die besonder het Dr. Kafri se take die volgende ingesluit:

- die her-evaluering van die navorsing oor grondwater in die gebied, wat in die verlede gedoen is deur die Afdeling Geohidrologie en konsultante;
- werk aan alternatiewe metodes vir die plasing van boorgate met 'n hoë lewering, en die bepaling van die hidrouliese eienskappe van die dolomiet; en
- 'n ondersoek na aspekte van grondwater in ander dolomitiese kompartemente en die ander belowende geologiese formasies binne die voorsieningsgebied van die Randse Waterraad.

### LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Wiskundige modellering van die Grootfonteinkompartement (Voltooide projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Grondwaterstudies).
- Navorsing oor die dolomitiese grondwaterbronne in die voorsieningsgebied van die Randse Waterraad (Voltooide projek. Kontrak met die Departement van Waterwese).
- Die toepaslikheid van grondwatermodelle as 'n hulpmiddel in



die bestudering en evaluering van Suid-Afrikaanse akwifere (Voltooide projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Grondwaterstudies).

- Navorsing oor die benuttingspotensiaal van Karoowaterdraers (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Grondwaterstudies).
- ‘n Ondersoek oor grondwateraanvulling deur reënval (Bestaande projek. Kontrak met ‘n firma raadgewende ingenieurs; Steffen, Robertson en Kirsten).
- Die ontwikkeling van ‘n Nasionale Databank vir grondwaterdata (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Grondwaterstudies in samewerking met die Departement van Waterwese).
- Die modellering van grondwaterkwaliteit in die Atlantis-akwifeer (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Grondwaterstudies).



# 4

## NAVORSING OOR HIDROMETEOROLOGIE

In die lig van die feit dat Suid-Afrika se watervoorraad uit die atmosfeer verkry word en onderhewig is aan hoogs veranderlike weerstoestande, ondersteun die Kommissie ook navorsing wat toegespits is op daardie aspekte van die atmosferiese wetenskappe wat 'n impak op die waterhulpbronne het.


Op hierdie gebied van die hidrometeorologie handel twee navorsingsprojekte oor reënvalstimulering, en een oor die hersiening van die statistieke van tyd- en ruimtelike verspreiding van neerslag.

### REËNVALSTIMULERING

Dit is nou algemeen bekend dat die aanvraag na water waarskynlik die totale nasionale watervoorraad sal oorskry teen die jaar 2020. Daar is belangrike gebiede soos die PWV-gebied waar die aanvraag die aanbod alreeds oorskry. Die implikasie is dat ons ongeveer drie dekades het om redelik substansiële addisionele hoeveelhede water vir Suid-Afrika te vind. Hierdie addisionele volumes water sal verkry moet word vanaf sogenaamde onkonvensionele waterbronne soos bv. reënvalstimulering, die aansleep van ysberge uit Antarktika, ontsouting van seawater en die invoer van water. Na raming is die gemiddelde jaarlikse afloop in al ons riviere minder as 1 % van die vog wat elke jaar in die vorm van waterdamp in die atmosfeer oor die land beweeg. Dit sou onverantwoordelik wees om die benuttingspotensiaal van hierdie ontsaglike hoeveelhede water van uitstekende kwaliteit nie te ondersoek nie.


Reënvalstimulering word in baie lande, bv. Israel, VSA, Kanada, Argentinië, ens. uitgevoer as 'n integrale komponent van die bestuursprosedure vir waterhulpbronne. In sommige gebiede soos in Israel, word dit volgens 'n vaste roetine aangewend, terwyl dit in ander gebiede soos Texas in die VSA slegs aangewend word in tye van kritiese waternood. Tot dusver is geen operasionele reënvalstimuleringsprogramme in Suid-Afrika uitgevoer nie, aangesien dit die doelstelling van die navorsingsfase is om 'n raming te maak van die moontlikhede wat bestaan vir reënvalstimulering onder plaaslike toestande.

Die Kommissie ondersteun 'n navorsingsprojek oor reënvalstimulering by Nelspruit in die Laeveld en lewer ook 'n bydrae tot die Weerburo se projek oor neerslagnavorsing by Bethlehem, wat geleë is op die Hoëveld. Navorsing in hierdie twee gebiede sal ons in staat stel om 'n vooruitskatting te maak van die potensiaal vir reënvalstimulering aan weerskante van die kontinentale waterskeidings, waaroor water oorgeplaas word ingeval die vernaamste inter-bekken oorplasingstelsels vir water.




Finansiering van navorsing oor Hidrometeorologie uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsings-uitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.






Die Lear-straler wat vir navorsing oor wolkfisika gebruik word.



'n Lasersonde wat uitmekaar gehaal is vir inspeksie.



'n Drie-dimensionele rekenaarkaart van reënval, wat deur die RSWN ontwikkel is (sien ook Hoofstuk 17) as deel van die projek oor neerslagstatistieke.



Navorsing wat in baie lande gedoen is, het duidelik laat blyk dat die fisiese prosesse in verskillende wolk, wat die meganisme vir reënvervorming beheer en die wyse waarop wisselwerking tussen hulle plaasvind, neig om te verskil van gebied tot gebied. Die implikasie is dat 'n tegnologie vir reënvalstimulering wat vir een gebied ontwikkel is, nie met vertroue aangewend kan word in 'n ander gebied (wat nog te sê ander land) sonder 'n grondige kennis van die karaktertrekke van plaaslike wolke nie.

'n Somercumuluswolk wat op die Hoëveld by Bethlehem ontwikkel sal byvoorbeeld nie noodwendig dieselfde mikrofisiële eienskappe hê as 'n somercumuluswolk wat by Nelspruit in die Laeveld ontwikkel nie, en verskillende behandelings mag nodig wees om reënval te stimuleer in geskikte wolke in die twee gebiede. Dit behoort ook beklemtoon te word dat, in enige gebied, nie alle wolke geskik is vir behandeling nie en dat dit nodig is om kundigheid te ontwikkel sodat geskikte wolke betyds uitgeken kan word en ook om toestande, wat nie behandel behoort te word nie, te identifiseer.

Die vordering wat gemaak is met die Nelspruit- en Bethlehemprojekte is baie bemoedigend en heelwat is geleer oor die meganisme vir reënvervorming in die twee gebiede. Die navorsingskontrak vir die Nelspruitprojek het op 31 Desember 1986 ten einde geloop en nadat die belowende, ofskoon nog tentatiewe, resultate sorgvuldig oorweeg is, is daar besluit om die kontrak met drie jaar te verleng en met die navorsing voort te gaan. Die vooruitskatting van die uitvoerbaarheid van reënvalstimulering en die ontwikkeling van 'n tegnologie wat geskik is vir plaaslike toestande vereis 'n langtermyn navorsingspoging, maar Suid-Afrika het reeds 'n kundigheid op hierdie gebied ontwikkel en die wetenskaplikes is versigtig optimisties oor die moontlikhede wat bestaan vir voordele wolkmodifikasie.

## NEERSLAGSTATISTIEKE

Navorsing oor die hersiening van die statistieke van tyd- en ruimtelike verspreiding van neerslag in Suid-Afrika word deur die Universiteit van Natal gedoen. Die hoofdoel is om die verspreiding van gemiddelde jaarlikse neerslag en ander statistieke betreffende neerslag in die lig van nuwe gegewens te her-evalueer en om die inligting in die vorm van kaarte, wat die hele land dek, weer te gee.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Neerslagnavorsingsprojek te Bethlehem (Bestaande projek. Kontrak met die Departement van Omgewingsake – Weerburo).
- Program vir atmosferiese watervoorsiening te Nelspruit (Bestaande projek. Kontrak met die Maatskappy vir Navorsing oor Atmosferiese Watervoorsiening (MANATWA) met sub-kontraktering van Simpson Weather Associates en Cansas International Corporation (Pty) Limited).
- Navorsing oor die hersiening van die tyd- en ruimtelike verspreiding van neerslagstatistieke in Suider-Afrika. (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Departement Landbou-ingenieurswese).

# 5


## NAVORSING OOR BESPROEILING

Besproeiling sal nog lank in die toekoms die grootste gebruiker van oppervlakwaterhulpbronne in Suid-Afrika wees. As sodanig het besproeiling die potensiaal om die grootste bydrae te lewer in die bekamping van die nadelige gevolge van watertekorte, wat na verwagting meer dikwels sal voorkom, namate die algemene vraag na water toeneem in die jare wat voorlê. Om hierdie potensiaal te realiseer sal ongeëwenaarde vlakke van besproeiingsdoeltreffendheid verg. Hierdie ideaal is heeltemal verenigbaar met wat die Kommissie beskou as die primêre doel van besproeiingsnavorsing nl. die bevordering van die optimale gebruik van water vir gewasproduksie. Verskeie projekte wat tans deur die Kommissie ondersteun word, dra by tot hierdie doel.

Een belangrike manier waarop die doeltreffendheid van waterbenutting deur die landbou verhoog kan word, is deur vermindering van waterverliese in verspreidingskanale. Die eerste resultate van 'n projek, wat daarop gemik is om 'n rekenaarsimuleringsmodel van watervloei in verspreidingskanale te ontwikkel, was so belowend dat daar besluit is om die projek uit te brei. Gedurende hierdie uitbreidingsfase sal die model afgerond word tot so 'n mate dat dit gebruik kan word om die bedryf van kanaalsisteme te optimiseer. Swak infiltrasie van besproeiingswater in grond kan lei tot buitensporige afloop en oppervlakverdamping, wat dus ook 'n afname van beskikbare water vir gewasse tot gevolg het. In die Moorivier-gebied is resultate behaal wat dui op die belangrikheid van die chemiese samestelling van besproeiingswater en grond vir die bepaling van die infiltrasietempo.

Huidige gepubliseerde ramings van die besproeiingsbehoefte van gewasse, wat dien as 'n hulpmiddel vir die effektiewe beplanning en ontwerp van besproeiingskemas, behoort binnekort aangevul te word as gevolg van 'n omvattende studie van regionale potensiële grondwatertekorte van gewasse in Suid-Afrika. Hierdie projek, wat voltooiing nader, het 'n ontleding gedoen van watertekorte vir beide droëlandverbouing en die gebruik van aanvullende besproeiling. Aangesien gebruik gemaak is van 'n baie groot databasis en omdat 'n groot aantal relatief klein gebiede afgebaken is vir die hele Suid-Afrika, behoort probleme wat tans ondervind word met risikoberaming en die ruimtelike interpolering van inligting oor die besproeiingsbehoefte van gewasse, grotendeels oorkom te kan word.

Data oor wortelontwikkeling van besproeide gewasse, wat tans verkry word onder verskeie klimaat- en grondtoestande, sal help om die wisselwerking tussen wortelontwikkeling en grondwaterinhoud ten opsigte van die aanvang van gewaswaterstremming kwantitatief te verklaar. Verskillende




Finansiering van navorsing oor Besproeiing uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.



projekte evalueer verskillende verhoudings, insluitende potensiële evapotranspirasie, plantwaterstand en die distribusie van water en wortels in die grondprofiel met die doel om kriteria vir besproeiingskederlering te verfyn. In een projek is verhoudings opgeneem in 'n model wat ontwikkel is vir gebruik in 'n besproeiingskederleringsdiens vir koringbesproeiingsboere. Hierdie model het die vermoë om 'n raming te maak van waterstremmingsvlakte in koringoeste en leen homself tot die voorspelling van afnames in opbrengs. Verdere toetsing en afronding van die model word egter vereis, wat verkiesslik uitgevoer moet word onder operasionele toestande in 'n wye reeks omgewings, sowel as onder navorsingstoestande.

Verskeie projekte wat tans aan die gang is, is dit eens dat dit nie altyd moontlik is om te hou by 'n besproeiingskederleringsvoorskrif wat algemeen aanbeveel word nie, nl. dat grondwater aangevul word wanneer 'n bepaalde proporsie (gewoonlik 50 tot 70 persent) van die totale plantbeskikbare water in die grondprofiel uitgeput is. Grond- en klimaatstoestande is dikwels sodanig dat 'n hoër frekwensie kleiner besproeiings beter en



Instrumentasie vir die bepaling van gaswisseling by sojabone onder besproeiing.

meer konstante beheer van die profielgrondwaterstand sal verskaf, en die algehele vlak van gewaswaterstremming tot 'n minimum sal beperk sonder 'n noodwendige verhoging in die totale seisoenale waterverbruik. Daar is bewys dat grondvrugbaarheid een van die belangrike grondeienskappe is in hierdie opsig en studies is nou aan die gang om lig te werp op die rol van stikstofvoeding.

## VOLTOOIING VAN PROJEK

### Navorsing oor die waterbehoeftes van sekere akkerbou- en groentegewasse

Gedurende die jaar is hierdie projek suksesvol afgehandel deur die Universiteit van Pretoria en die finale verslag, getitel *Water requirements of three agronomic and three vegetable crops*, is deur die Kommissie aanvaar. Die waterbehoeftes van groenboontjies, tafeltamaties, kopkool en grondboontjies is ondersoek. In die geval van koring en mielies is daar met die ondersoeke gepoog om vas te stel tot watter mate die stand van grondvrugbaarheid en die voedingstofbalans van plante die opbrengs en watergebruikdoeltreffendheid sou beïnvloed. Resultate het die belangrikheid van die interaksies tussen




plantvoeding en besproeiing beklemtoon en aangedui dat baie meer navorsing in hierdie opsig behoort gedoen te word. Nuwe inligting oor die water- en besproeiingsbehoeftes van veral die groentegewasse sal nuttig wees vir besproeiingsbeplanning en vir besproeiingskedulering op die plaas.

## NUWE NAVORSINGSPROJEK

### Navorsing oor drupbesproeiing van tamaties

Vorige navorsing oor die waterbehoeftes van tamaties word nou opgevolg in hierdie nuwe projek wat onderneem word deur



Filtrering van water vir drupbesproeiing.

die Universiteit van Pretoria. Besproeiingskederingskriteria wat in die vorige projek bepaal is, sal aangepas word vir gebruik met drupbesproeiing, 'n tegniek wat groot potensiaal inhou vir die spaarsame en doeltreffende aanwending van water. Die navorsing sal uitgevoer word by die proefplaas van die Universiteit van Pretoria en op kommersiële plase in verskillende produksiegebiede.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Navorsing oor die waterbehoeftes van sekere akkerbou- en groentegewasse (Voltooide projek. Kontrak met die Universiteit van Pretoria – Departement Plantproduksie).
- Navorsing oor 'n koringbesproeiingskederingsdiens vir die Vrystaatstreek (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Departement Landbouweerkunde).
- Navorsing oor die invloed van verskillende tye en intensiteite van interne plantvogstremming op fotosintese, respirasie en waterverbruiksdooletreffendheid van sekere akkerbougewasse (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje Vrystaat – Departement Agronomie/Tuinbou).
- Die ontwikkeling van die nodige apparaat en programme vir die monitor en bestuur van besproeiingstselsels (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Stellenbosch – Departement Siviele Ingenieurswese).




- Navorsing oor die ontwikkeling van procedures vir die keuse van gesikte besproeiingsmetodes en vir die ontwerp van besproeiingstelsels (Bestaande projek. Kontrak met 'n firma raadgewende ingenieurs; Murray, Biesenbach en Badenhorst).
- 'n Gedetailleerde ontleding van streekgrondvogtekorte vir besproeiingsbeplanning in Suider-Afrika (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Departement Landbouingenieurswese).
- Ondersoek na die toestand van gronde wat vir 'n lang termyn besproei is, en 'n evaluering van toepaslike seleksienorme en herwinnings- en beheermaatreëls (Bestaande projek. Kontrak met die Potchefstroomse Universiteit vir CHO – Departement Bodemkunde).
- Navorsing oor die gebruik van die grond/wortelkonduktansie-indeks en stremmingsverhouding as insette vir die bepaling van die besproeiingsvereistes vir geselekteerde grond/plant/atmosfeersisteme (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Departement Grondkunde).
- Navorsing oor korreksiefaktore vir die verdampingsmeterkoëffisiënte wat by skedulering van besproeiing van koring gebruik word (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Departement Landbouweerkunde).
- Navorsing oor die praktiese skedulering van besproeiing in die noordelike Transvaal. (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Noorde – Departement Plantproduksie).
- Navorsing oor die kwantifisering en beperking van waterverliese onder spilpuntbesproeiingstelsels (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Departement Landbou-ingenieurswese in samewerking met die Departement Agronomie).
- Ondersoek na en modellering van gewaswaterverbruik en -produktiwiteit onder waterstremmingstoestande (Bestaande projek. Kontrak met die Departement van Landbou en Watervoorsiening – Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing).
- Navorsing oor die verbetering van besproeiingsbestuur gegrond op grondwatermonitering en gedetailleerde kennis van profielbeskikbare waterkapasiteite (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Fort Hare – Departement Grondkunde).
- Die ontwikkeling van 'n rekenaarprogram om watervloei in verspreidingskanale te simuleer (Bestaande projek. Kontrak met die Randse Afrikaanse Universiteit – Departement Siviele Ingenieurswese).
- Navorsing oor drupbesproeiing van tamaties. (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van Pretoria – Departement Plantproduksie).



# 6

## NAVORSING OOR SALINITEIT

Die verhoging in die soutinhoud van oppervlakwaters is 'n direkte gevolg van die opberging van water, die konsumptiewe gebruik daarvan en die onderskepping van terugvloei deur riviere en strome. Hierdie terugvloei kan verskil in kwaliteit afhangende van die onderskeie gebruik van die water. Die toenemende soutkonsentrasies van waterhulpbronne het ernstige koste-implikasies vir die meeste gebruikers en moet dus daadwerklik bekamp word. Om doeltreffende beheer oor die soutinhoud uit te oefen, behoort beheermaatreëls gegrond te wees op 'n grondige begrip van soutkonsentrerende - en soutladingsprosesse, wat saamwerk om 'n verhoging in die soutinhoud van aangetaste riviere en opgaardamme teweeg te bring. Gesikte navorsingsbehoeftes om hierdie insig te bekom is geïdentifiseer as gevolg van die koördinerende rol wat die Kommissie gespeel het tussen verskeie organisasies wat belang het by die navorsing oor en beheer van die soutinhoud. Die prioriteit wat tans verleen word aan die bekamping van versouting van ons waterhulpbronne blyk duidelik uit die onlangse bewilliging van fondse vir drie nuwe projekte, waarvan twee in 1986 reeds 'n aanvang geneem het en een vroeg in 1987 'n aanvang sal neem.



Finansiering van navorsing oor Saliniteit uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

### VERSOUTING IN DIE OOS- EN SUIDWES-KAAP

Die studies in verband met die soutinhoud van die Groot Vis- en Breëriviergebiede wat vir die afgelope vyf jaar deur die Kommissie ondersteun is, loop nou ten einde.

Die Universiteit van Rhodes het geïntegreerde studies uitgevoer oor die generering van afloop, opgeloste stowwe en sediment in die opvanggebied van die Eccarivier, 'n sytak van die Groot Visrivier. Hierdie studie is die eerste in Suid-Afrika wat onderzoek instel na die soutproduserende meganisme in verhouding tot die hidrologie van die semi-ariele gebiede. Resultate sal, waar moontlik, gebruik word om die hidrosoutmodelle wat tans in gebruik is, te verbeter ten opsigte van hulle voorspelvermoë. Voorsiening is reeds gemaak daarvoor dat vloeigeburtenisse verder gemonitor sal word vir 'n periode van vyf jaar na afloop van die projek, sodat ten volle gebruik gemaak kan word van die groot hoeveelheid data wat ingewin is vir volledige karakterisering van die opvanggebiede, en om die geldigheid van huidige gevolgtrekkings te bevestig.

Die Universiteit van Stellenbosch het 'n projek onderneem om die vloeiroetes van besproeiingswater deur gronde en onderliggende strata na die Poesjenelsrivierkaal na te spoor. 'n Ontsaglike hoeveelheid geohidrologiese- en grond-chemiese



data, sowel as rivier- en grondwaterkwaliteitdata is ingewin. Die resulterende kwaliteit van die rivierwater hang grootliks af van die vermenging van water vanaf twee hoofbronne, nl. die goeie kwaliteit bergafloop en die southoudende water wat per koleer deur gronde wat Bokkeveldskalie-bodemrots oordek. Pogings word aangewend om meer lig te werp op hierdie mengprosesse.

## VERSOUTING IN DIE PWV-GEBIED

Die Kommissie ondersteun reeds baie jare lank navorsing om middele te vind waarmee die nadelige uitwerking van versouting in die PWV-gebied bekamp kan word.


In een projek word navorsing uitgevoer oor die bydrae van mynhoede tot soutbesoedeling van die Vaal-Barrage, in terme van 'n drieledige ooreenkoms met die Departement van Waterwese en 'n firma raadgewende ingenieurs. Hierdie projek word in drie fases uitgevoer en nader voltooiing. Die eerste fase het die oprigting van 'n moniteringsnetwerk vir oppervlak- en grondwater behels, en die tweede fase het gehandel oor die analise en interpretasie van watervloei- en kwaliteitdata, wat in die studiegebied ingewin is. Hierdie twee fases is nou voltooi en die projek is in die finale stadium van fase drie, nl. die samestelling van 'n inventaris oor mynhoede in die studiegebied en ekstrapolering van die resultate na alle mynhoede, sodat die totale bydrae van mynhoede tot soutbesoedeling in die Barrage beraam kan word.

'n Ander projek handel oor die inhibering van bakteriese oksidasie van piriet en die vorming van suurmynwater. Hierdie navorsing word uitgevoer ingevolge 'n drieledige ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch en die Kamer van Mynwese. Die vorming van suurmynwater is 'n probleem wat wydverspreid voorkom in steenkool- en goudmyngebiede en dit lei tot 'n ernstige toename in die soutinhoud van waterhulpbronne. Die probleem word veroorsaak deur die natuurlike oksidasie van piriet, wat versnel word deur die werking van sekere bakterieë. In die bakteriologiese studies is verskillende chemikalië, wat bakterieë inhibeer, geëvalueer en geselecteer. Verder is toetse ook uitgevoer op die beheerde vrystelling van hierdie inhibeerders uit sekere materiale waarin hulle gebed was. Loodsskaalse studies word nou oor twee seisoene uitgevoer op tien eksperimentele mynhoede by die Wolverine Steenkoolmyn naby Witbank.

## NUWE PROJEKTE

### 'n Loodsondersoek van die besproeiingsgebied wat deur die Breërivier – (Robertson-) besproeiingskanaal bedien word

Die toename in die soutinhoud van die Breërivier onderkant die Brandvleidam word gewoonlik teengetrek deurdat vars water vrygelaat word uit die opgaardam sodat daar aan die waterkwaliteitsbehoeftes van gebruikers wat stroomaf woon voldoen kan word. Ten einde die bestuur van die waterverspreidingstelsel te verbeter en om ondersoek in te stel na opsies om die soutinhoud minder verkwistend te beheer, word die ontwikkeling van 'n hidrosoutmodel vir die sub-opvanggebiede van die Breërivier lank reeds as noodsaaklik beskou. Vordering is egter uiterstens bemoeilik as gevolg van die kompleksiteit van die stelsel en die gebrek aan data wat die sisteem karakteriseer en dien as inset vir die model. Die doel van hierdie projek, wat oor 21 maande strek, is om ondersoek in te stel na die ekonomiese en



'n Vlak southoudende watertafel onder besproeiende grond.





Versouting as gevolg van besproeiingsterugvloei word onderkant die Robertson-kanaal langs die Breérivier ondersoek.



praktiese uitvoerbaarheid van die meting van noodsaaklike insette vir bevredigende bepaling van die water- en soutbalans van 'n afgebakte studiegebied. Dit word uitgevoer deur 'n firma raadgewende ingenieurs, in samewerking met die Departement van Waterwese.

#### **Navorsing oor die vermoëns van 'n aantal sout- en watervoermodelle om die kwantiteit en kwaliteit van water wat die wortelzone verlaat, te voorspel**

Sout- en watervoermodelle vir wortelzones is potensieel magtige hulpmiddels vir 'n wye reeks toepassings wat verband hou met waterhulpbronne. Die twee hoofaanwendings waarvolgens modelle geëvalueer sal word gedurende die verloop van hierdie driejaarprojek, wat uitgevoer word deur die Universiteit van Stellenbosch, is die volgende:

- hulle gebruik as submodelle om die kwantiteit en kwaliteit van besproeiingsterugvloei te beraam; en
- die optimisering van wortelzonewater- en soutinhoudbestuur onder besproeiing deur die minimalisering van die uitwerking van sout- en waterstremming op gewasse, en soutladings in grondwater- en riviersisteme.

Hierdie projek is daarop gemik om die bruikbaarheid van verskeie hidrosoutmodelle te verbeter en toe te lig, deurdat veldstudies en vergelykings by geselecteerde plekke in die Breëriviervallei uitgevoer word.

#### **LYS NAVORSINGSPROJEKTE**

- Navorsing oor die bydrae van mynhoede tot mineraalbesoedeling in die Vaal-Barrage (Bestaande projek. Kontrak met die Departement van Waterwese, en 'n firma raadgewende ingenieurs; Steffen, Robertson en Kirsten).
- Navorsing oor die inhibering van bakteriese oksidasie van piriet en die meegaande suurmynwater (Bestaande projek. Kontrak met die Kamer van Mynwese en die Universiteit van Stellenbosch – Departement Mikrobiologie en Virologie, en die Instituut vir Polimeerwetenskap).
- Navorsing oor geïntegreerde studies van die generering van afloop, opgeloste stowwe en sediment in die sytakopvanggebiede van die Groot Visrivier (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Rhodes – Departement Aardrykskunde).
- Navorsing oor gedetailleerde geohidrologiese ondersoeke in die Poesjenelsrivieropvanggebied in die Breëriviervallei met spesiale verwysing na mineralisasie (Bestaande projek. Kontrak met die Departement van Waterwese – Afdeling Geohidrologie, en die Universiteit van Stellenbosch – Departement Geologie).
- 'n Loodsondersoek van die besproeiingsgebied wat deur die Breërivier – (Robertson-) besproeiingskanaal bedien word (Nuwe projek. Kontrak met 'n firma raadgewende ingenieurs; Murray, Biesenbach en Badenhorst).
- Navorsing oor 'n evaluering van die vermoëns van 'n aantal sout- en watervoermodelle om die kwantiteit en kwaliteit van water wat die wortelzone verlaat, te voorspel (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van Stellenbosch – Departement Grond- en Landbouwaterwetenskap).




# 7

## NAVORSING OOR EUTROFIKASIE

Eutrofikasie, d.w.s. die verryking van water met plantvoedingstowwe (hoofsaaklik stikstofverbindings en fosfate), is een van die bekendste simptome van besoedeling van die wateromgewing. Die rede daarvoor is dat dié plantvoedingstowwe aanleiding gee tot oormatige groei van alge en ongewenste waterplante, en daardeur die oordeelkundige benutting van die Republiek se waterhulpbronne nadelig beïnvloed.

Die Kommissie ondersteun reeds etlike jare navorsing om eutrofikasie te bekamp. In die eerste plek word daar gepoog om die plantvoedingstowwe by die punt van oorsprong uit te skakel en hieroor word daar in Hoofstuk 8 verslag gedoen. In die tweede plek word daar gekonsentreer op die ontwikkeling van metodes vir die bestuur van die wateromgewing ten einde die invloed van eutrofikasie te beperk of uit te skakel. Die Kommissie stel ook belang in die moontlikheid dat voedingstowwe in water voordeilig aangewend kan word, op so 'n wyse dat die skadelike gevolge van eutrofikasie bevredigend beheer word, terwyl nuttige produkte tegelykertyd verkry word (bv. die vervaardiging van proteïne). Die Kommissie is betrokke by verskillende aktiwiteite in verband met eutrofikasie, insluitende die finansiering van vier navorsingsprojekte.




### BESTUURSGEORIËNTEERDE MODELLE VIR EUTROFIKASIEBEHEER

Hierdie studie word gesamentlik deur die WNNR en die Departement van Waterwese uitgevoer, en is daarop gemik om 'n reservoir eutrofikasiemodel (REM) te ontwikkel, wat sal dien as 'n hulpmiddel vir besluitneming deur plaaslike waterhulpbronbestuurders. Die hoofpoging hierdie jaar was om die huidige vorm van REM in 'n besluitnemingsondersteuningstelsel, d.w.s. 'n interaktiewe rekenaargebaseerde stelsel, in te bou. Dit kan besluitnemers help om hidrologiese- en waterkwaliteitsdata en wiskundige modelle te gebruik om eutrofikasieprobleme op te los. Dit kan bestuurders ook help by die interpretasie van modelleringresultate en voorsien 'n hulpmiddel vir die keuse van optimale bestursalternatiewe vir eutrofikasiebeheer. 'n Prototipe besluitnemingsondersteuningstelsel, gebaseer op die data van die Vaaldam, is ontwikkel en opgeneem in 'n rekenaar by die Besoedelingsbeheerafdeling van die Departement van Waterwese.



## DIE INHIBERING VAN ALGGROEI DEUR WATERHIASINTE



Blou-groen algdrifsel in Hartbeespoortdam.

Hierdie navorsing is onderneem deur die Universiteit van Natal en 'n finale verslag word nou saamgestel. Die hoofdoel van die navorsing was om ondersoek in te stel na die mekanismes en prosesse wat met die inhibering van alggroei deur waterhiasinte verband hou. Die volgende aspekte het aandag geniet: bewyse dat waterhiasinte die alggroei in die Shongweni- en Hartbeespoortdamme verminder; 'n oorsig van allelopasie (d.i. die nadelige invloed van een plant op 'n ander deur die afskeiding van 'n toksiese verbinding) met spesiale verwysing na watermakrofiete; en 'n ondersoek na die allelopasiese potensiaal van waterhiasinte.

## DIE INVLOED VAN DIE FOSFAATSTANDAARD OP DIE WATERGEHALTE EN DIE TROFIESE STATUS VAN HARTBEESPOORTDAM

Hierdie projek is 'n opvolgstudie van 'n vorige driejaarprojek van die Kommissie deur die WNNR. Dit maak ook deel uit van 'n groter ekosisteemstudie van die dam wat gesamentlik gefinansier word deur die Nasionale Instituut vir Waternavorsing, die Komitee vir Binnelandse Waterekosisteme van die WNNR en die Kommissie.

Gedurende Augustus 1985 het die Departement van Waterwese 'n fosfaatstandaard vir uitvloeisels in die opvanggebiede van die Vaal-, Krokodil- en Pienaarsriviere geïmplementeer as 'n eerste stap van 'n strategie om eutrofikasie van Suid-Afrikaanse riviere en opgaardamme onder beheer te bring. Hierdie projek is daarop gemik om die invloed van die implementering van die fosfaatstandaard op die watergehalte en trofiese status van die Hartbeespoortdam in die Krokodilrivier te kwantifiseer.



Bemonstering van toksiese blou-groen algdrifsel in Hartbeespoortdam.

## FOSFAATUITVOERMODELLE VIR OPVANGGEBIEDE

Die Kommissie het 'n ooreenkoms met die WNNR aangegaan om fosfaatuitvoermodelle vir opvanggebiede te ontwikkel. Die projek maak deel uit van 'n wyer navorsingsprogram wat daarop gemik is om besluitnemers te voorsien van die voorspelvermoë om betekenisvolle besluite te kan neem rakende die beheer van eutrofikasie.




## BINNELANDSE WATEREKOSISTEME

Die Kommissie het in 1986 weer 'n bloktoekenning van R100 000 aan die WNNR se Komitee vir Binnelandse Waterekosisteme gemaak. Programme wat deur die Komitee ondersteun word sluit studies in verband met Hartbeespoortdam, die Pongola-vloedvlakte en die Mgeni-opvanggebied in. Die Komitee het ook werkessies gereel ten einde navorsingsbehoeftes vir binnelandse waterekosisteme oor die algemeen, asook die spesifieke behoeftes van die Vaal- en Mgeniriviersisteem, te identifiseer. Studiegroepe vir vlei- en rivierekosisteme is saamgestel.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Die ontwikkeling van bestuursgeoriënteerde modelle in eutrofikasiebeheer (Bestaande projek. Kontrak met die WNNR)






Die Pongolapoortdam en die Pongolavloedvlakte.

- Nasionale Instituut vir Waternavorsing en die Departement van Waterwese).
- Navorsing oor die inhibering van alggroei deur middel van waterhiasinte (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Departement Plantkunde).
- Evaluering van die impak van die fosfaatstandaard op watergehalte en trofiese status van die Hartbeespoortdam (Nuwe projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Die ontwikkeling van fosfaatuitvoermodelle vir opvanggebiede (Nuwe projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).



# 8

## NAVORSING OOR DIE BEHANDELING VAN MUNISIPALE AFVALWATER



Finansiering van navorsing oor Municipale Afvalwater uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

Die Kommissie werk sedert sy ontstaan ten nouste saam met plaaslike owerhede en het verskeie navorsingsaktiwiteite ondersteun wat nie net van direkte belang is vir hierdie sektor nie, maar ook vir die land in sy geheel. Plaaslike owerhede het 'n spesifieke verantwoordelikheid in die stryd teen besoedeling wat veroorsaak word deur huishoudelike rioolwater en nywerheidsuitvloeiels, asook deur vaste en toksiese afvalmateriaal en slyke. In hierdie verband word praktiese en kostvoordelige tegnologie benodig wat deur middel van die verskillende navorsingsprojekte ontwikkel word.

Die navorsing wat deur die Kommissie ondersteun word en wat met plaaslike owerhede verband hou strek oor 'n wye spektrum. In hierdie hoofstuk val die klem op navorsing oor die behandeling van municipale afvalwater. Die Kommissie ondersteun tans ses navorsingsprojekte in hierdie verband.

### FOSFAATVERWYDERING IN DIE GEAKTIVEERDESLYKPROSES


Die Kommissie ondersteun twee navorsingsprojekte in hierdie verband.

Die doel met die projek wat deur die Universiteit van Kaapstad uitgevoer word, is om 'n gesonde grondslag te ontwikkel vir die beplanning, ontwerp en bedryf van voedingstofverwydering in geaktiveerde-slykaanlêe. Gedurende hierdie jaar is navorsing uitgevoer oor die volgende aspekte: die hoogbelaste Phoredox-proses d.i. 'n proses met 'n kort slykouderdom wat beide koolstofhoudende en fosforagtige materiaal uit rioolwater verwyder; ontwikkeling van 'n eenvoudige en relatief goedkoop tegniek om die maklik bio-afbreekbare organiese materiaal in rioolwater te meet; modellering van biologiese fosfaatverwydering; en studies oor die generering van maklik bio-afbreekbare organiese materiaal deur suurfermentasie.


In die ander projek wat deur die Stadsraad van Johannesburg uitgevoer word, word 'n finale verslag nou saamgestel oor die bevordering van biologiese fosfaatverwydering uit rioolwater deur wysiging van die proses se toevfersamestelling. Die verslag gee in besonder aandag aan die volgende: wysiging van die



kenmerke van inkomende rioolwater deur fermentasie in primêre besinktenks en in 'n suurverteerder; die optimale gebruik van maklik bio-afbreekbare organiese materiaal vir verhoogde biologiese fosfaat- en stikstofverwydering; proseskontrolering en -monitoring; riglyne vir prosesontwerp en -bedryf; mikrobiologiese en biochemiese aspekte; en finansiële aspekte. Daar is gedemonstreer dat dit moontlik is, met die ontwerp en operasionele inligting wat tans beskikbaar is, om uitvloeisels met 'n ortofosfaat-fosforinhoud van minder as 1mg/l en 'n totale stikstofinhoud van minder as 8 mg/l op 'n gereelde grondslag te produseer.



Navorsing oor biologiese oormaatfosfaatverwydering by die Universiteit van Kaapstad.



Biologiese voedingstofverwydering by Noordelike Werke in Johannesburg.




## SLYKUITDYING EN BIOLOGIESE SKUIM IN DIE GEAKTIVEERDESLYKPROSES

Die Universiteit van Kaapstad voer 'n projek uit vir die ontwikkeling en volskaalse evaluering van metodes vir die beheer van geaktiveerde-slykuitdying. Die klem val op die plaaslike toepassing en verdere ontwikkeling van bestaande chemiese, biologiese en fisiese herstel- en beheertegnieke vir slykuitdying, veral ten opsigte van afvalwaterbehandelingsprosesse vir biologiese voedingstofverwydering. Daar is ook 'n begin gemaak met navorsing om slykuitdying in biologiese voedingstofverwyderingsprosesse te voorkom of te beheer. Die gebruik van chloor om uitdying in hierdie proses te beheer is suksesvol gedemonstreer op laboratoriumskaal. Ongelukkig is hierdie tegniek relatief duur. Die gebruik van die selektortegniek by hierdie tipe proses word tans ondersoek.

Die Universiteit van Pretoria het 'n tweejaarstudie oor biologiese skuim in die geaktiveerde-slykproses voltooi. Aspekte wat ondersoek is sluit die volgende in: die omvang van die voorkoms van biologiese skuim; fisiese, chemiese en mikrobiologiese karakterisering; die dinamika van skuimvorming; en die ontwikkeling van 'n tegniek vir die selektiewe verwijdering van skuim deur flottasie. Hierdie tegniek is op loodsskaal getoets en is suksesvol gedemonstreer op volskaal by die Daspoort rioolwatersuiweringswerke in Pretoria. Die finale verslag word nou voorberei.



Prof. Harold Rudolph, Burgemeester van Johannesburg, oorhandig die finale kontrak-verslag, *Enhancement of biological phosphorus removal by altering process feed composition*, aan dr. Jacques Kriel, Voorstander van die WNK.



Chemiese fosfaatverwydering by die Vlakplaats Werke in Boksburg.

## FOSFAATVERWYDERING UIT SYPELBEDUITVLOEISELS

Die Stadsraad van Boksburg en 'n firma raadgewende ingenieurs ondersoek chemiese fosfaatverwydering in sypelbedrioolwaterbehandelingsprosesse. Die klem val hoofsaaklik op die ontwikkeling van kriteria vir die optimale gebruik van chemikaliëe vir die verwijdering van fosfate uit



sypelbeduitvloeisels. Resultate tot op hede dui daarop dat aansienlike kostebesparings moontlik is deur die optimisering van chemikalie-dosering. Die hoeveelheid addisionele slykmassas en -volumes wat geproduseer is as gevolg van chemikalietylvoeging word bepaal.

## ALG-AKWAKULTUUR

Die Kommissie het 'n eenjarige ooreenkoms aangegaan met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat om die effektiewe gebruik van water deur middel van 'n alg-akwakultuurstelsel te ondersoek. Die projek behels 'n literatuurstudie en 'n laboratorium- en loodsskaalstudie om 'n raming te maak van die potensiaal van 'n alg/invertebraatstelsel vir die meerdoelige gebruik van water, soos afvalwatersuiwering en die produksie van proteïne.

## INLIGTINGOORDRAG VAN RESULTATE

Die Kommissie, in samewerking met die Nasionale Instituut vir Waternavorsing, die Stadsraad van Boksburg en die Stadsraad van Pretoria, het 'n monografie getitel *Guidelines for chemical phosphate removal from municipal waste waters* gepubliseer. Hierdie publikasie behoort diegene te help wat gemoeid is met die implementering van die uitvloeiselstandaard vir fosfate.

Die Stadsraad van Johannesburg het die inligting en tegnologie, wat ontwikkel is in terme van 'n Kommissieprojek oor biologiese fosfaatverwydering, oorgedra deur middel van 'n eendaagse simposium wat gehou is op 30 Oktober 1986. Hierdie simposium is deur ongeveer 200 afgevaardigdes bygewoon. Daar is ook twee tweedagwerkwinkels gehou oor mikrobiologiese tegnieke vir die identifisering van bakterieë wat geassosieer word met biologiese voedingstofverwydering.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Navorsing oor die bevordering van biologiese fosfaatverwydering uit rioolwater deur die proses se toevoersamestelling te wysig (Bestaande projek. Kontrak met die Stadsraad van Johannesburg).
- Navorsing oor biologiese oormaatfosfaatverwydering (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Kaapstad – Departement Siviele Ingenieurswese).
- Die evaluering en optimisering van volskaalse chemiese fosfaatverwydering in sypelbedrioolwatersuiweringsprosesse (Bestaande projek. Kontrak met die Stadsraad van Boksburg en 'n firma raadgewende ingenieurs; Scott en De Waal Ingelyf).
- Navorsing oor biologiese skuim in die geaktiveerde slykproses (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Pretoria – Afdeling Waterbenuttingsingenieurswese, Departement Chemiese Ingenieurswese).
- Navorsing oor die ontwikkeling en volskaalse evaluering van voorkomende en regstellende metodes vir die beheer van geaktiveerde slykuitdying (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Kaapstad – Departement Siviele Ingenieurswese).
- Navorsing oor doeltreffende waterbenutting deur middel van 'n alg-akwakultuurstelsel (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Limnologie-eenheid).




# 9

## NAVORSING OOR DIE BEHANDELING EN WEGDOENING VAN RIOOLSLYK

Die behandeling en beskikking van slyk afkomstig van afvalwaterbehandelingsaanlegte vorm 'n integrale deel van afvalwaterbehandeling. Behoorlike hantering van hierdie residu is noodsaaklik om te verseker dat besoedeling van oppervlak- en ondergrondse water nie voorkom nie en dat die gesondheidsgevaar wat met die wegdoenings- en benuttingspraktyke verband hou, uitgeskakel word.

In Suid-Afrika word die aanwending van slyk in die landbou en in tuinbou op 'n veel kleiner skaal beoefen as in sekere oorsese lande. Die rede hiervoor is die potensiële bedreiging wat die verspreiding van siektes vir mens en dier inhoud, veral as gevolg van die besondere klimaatstoestande van die land en die aard van die siektes wat endemies is in Suid-Afrika. Ten einde hierdie potensiële bedreiging te oorkom word die navorsing, wat deur die Kommissie ondersteun en gekoördineer word, toegespits op weë en middele van slykbehandeling wat die landbou en tuinbou in staat sal stel om meer geredelik gebruik te maak van die opsies vir slykbenutting. Aandag is dus veral gevvestig op ontsmettingsprosesse, sowel as gekombineerde ontsmettings- en stabiliseringssprosesse vir slyk. Twee prosesse wat veral baie aandag geniet het oor die afgelope aantal jare is die pasteurisasie van slyk en die gebruik van suigbelugting om stabilisering en ontsmetting teweeg te bring. Albei projekte is gedurende die verslagjaar voltooi.



Finansiering van navorsing oor Rioolslyk uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

### VOLTOOIING VAN PROJEKTE

#### Navorsing oor die pasteurisasie van slyk

Hierdie projek is gedurende die jaar afgehandel deur die Stad Kaapstad en die finale verslag is deur die Kommissie aanvaar. Die werk is op volskaal uitgevoer deur gebruik te maak van die relatief nuwe slykpasteuriseerders van die Kaapse Vlakte Rioolwatersuiweringswerke in Kaapstad. Die doelwitte van die studie was eerstens om 'n volskaalse aanleg te bedryf, met gebruikmaking van toevoere bestaande uit 'n mengsel van primêre en oormaat geaktiveerde slyk en verteerde slyk. Tweedens is die effektiwiteit en kostedoeltreffendheid van die proses teen verskillende bedryfstemperature ondersoek in terme




van die onaktivering/vernietiging van geselekteerde mikro-organismes.

Die bevindings van hierdie studie sluit die minimum temperature vir die vernietiging van fekale coliforme en die ova van die rondewurm *Ascaris lumbricoides* in, asook die voordele van die gebruik van pasteuriseerders voor, in plaas van na, mesofiliese anaërobiese vertering. Die studie het ook 'n aansienlik vinniger metode opgelewer om *Ascaris*-ova te isolateer vir teldoeleindes.

#### **Navorsing oor die stabilisering van slyk deur middel van suigbelugting**

Hierdie projek is gedurende die jaar afgehandel deur die WNNR en die finale verslag is deur die Kommissie aanvaar. Die studie is ontwerp om die vermoë van hierdie proses om slyk ten volle te ontsmet gedurende stabilisasie, op die proef te stel. Dit is ook ontwerp om vas te stel hoe doelmatig en gesik hierdie proses in Suid-Afrika sou wees, aangesien die voorskrifte van die gesondheidsowerhede baie spesifiek is ten opsigte van die aanwending van behandelde slyk vir die verbouing van gewasse. Oor die algemeen was die bevindings van die projek dat die proses baie gesik is vir Suid-Afrikaanse toestande, dat maksimum temperatuur van meer as 70° C redelik maklik bereik kon word en vir etlike dae gehandhaaf kon word. Die gevolg was dat goeie ontsmetting verkry is in terme van 'n afname in fekale coliforme



Die kompostering van rioolslyk deur middel van suigbelugting by Bellville.

en *Ascaris*-ova, en dat 'n stabiele, bros en humusagtige eindproduuk geproduseer is na 'n drie- tot vierweek verouderingsperiode.

'n Suksesvolle eendaagse seminaar en demonstrasie van die proses is by die navorsingsterrein van die NIWN in Bellville gehou in Julie vanjaar, waartydens die proses gedemonstreer is aan 120 afgevaardigdes van plaaslike owerhede, staatsdepartemente en konsultante.

#### **NUWE PROJEKTE**

##### **Navorsing oor chemiese karakterisering van munisipale slyke in Suid-Afrika**

Hierdie projek wat onderneem word deur die WNNR het in




Januarie 1986 'n aanvang geneem. Rioolslyk bevat bestanddele wat 'n bedreiging inhoud vir ondergrondse- en oppervlakwater, sowel as vir grond en gewasse wat verbou word op grond wat met slyk bemes is. Hierdie bestanddele sluit nitrate, komplekse organiese verbindings en spoorelemente in. Die algemene doelstellings van hierdie projek is om:

- 'n opname te maak van die voorkoms van voedingstowwe en anorganiese chemiese kontaminante in slyk in Suid-Afrika;
- die mees gesikte ontledingsmetodes vir hierdie kontaminante te konstateer, in oorleg met ander NIWN-studies en beskikbare inligting uit die buiteland; en



Afrox se opgaartenk vir vloeibare suurstof vir dubbelvertering van rioolslyk.



Die verdikker, aerobiese reaktor en anaerobiese verteerder wat gebruik word in die eksperiment oor dubbelvertering van rioolslyk te Millerton.



- 'n bydrae te lewer tot die voorbereiding van riglyne vir die toediening van rioolslyk op landbougrond in Suid-Afrika.  
Goeie vordering is met die werk gemaak in terme van die konstatering van die mees gesikte ontledingsmetodes vir voedingstowwe en kontaminante in slyk, sowel as vir die bemonstering en ontleding van slyke vanaf rioolwerke dwarsoor die land.

#### **Navorsing oor die evaluering en optimisering van die dubbelverteringsproses van rioolslyk**

Hierdie projek, wat gesamentlik deur die WNNR en die Stadsraad van Milnerton onderneem word, het in Februarie 1986 'n aanvang geneem. In wese is hierdie 'n opvolgprojek van die studie oor outotermiese aërobiese vertering wat vir die Kommissie deur die Stadsraad van Johannesburg onderneem is en in 1985 voltooi is. Hierdie nuwe projek behels 'n dubbelverteringsproses wat 'n kombinasie is van outotermiese aërobiese vertering en konvensionele mesofiliiese anaërobiese vertering, wat in staat is om 'n gestabiliseerde, ontsmette slyk te produseer. Die navorsing word uitgevoer by die Potsdam Rioolwatersuiweringswerke te Milnerton waar  $45\text{ m}^3/\text{d}$  rou- en humusslyk behandel sal word in bestaande fasilitete by die werke, met gesikte modifikasies vir die proses.

#### **LYS NAVORSINGSPROJEKTE**

- Pasteurisasie en termofiliiese anaërobiese vertering van slyk (Voltooide projek. Kontrak met die Stadsraad van Kaapstad).
- Navorsing oor die kompostering van rioolslyk deur middel van suigbelugting; prototiestudie (Voltooide projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Navorsing oor chemiese karakterisering van munisipale slyk in Suid-Afrika (Nuwe projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Navorsing oor die evaluering en optimisering van die dubbelverteringsproses van rioolwaterslyk (Nuwe projek. Kontrak met die Stadsraad van Milnerton en die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).




# 10

## NAVORSING OOR DIE SEESTORTING VAN UITVLOEISELS


Die gunstige geografiese ligging van die land en die seestrome langs die Suid-Afrikaanse kuslyn maak dit moontlik dat 'n verskeidenheid uitvloeisels in die marine omgewing weggedoen kan word. Huidige seestortingsmetodes wissel van storting in die brandersone tot storting deur 'n goed ontwerpde uitvalriool diep in die see.

Uitvloeisels wat gestort word in die oseaan, veral dié wat deur diep uitvalriole gestort word, word verdun deur seewater, versprei oor 'n wye gebied en ondergaan mikrobiiese afbreking as gevolg van die hoë suurstofkonsentrasies in die oseaan. Uitvloeisels wat gestort word deur behoorlik ontwerpde marine afvoerstelsels, sal toereikend verdun en versprei wees om te verseker dat geen besoedeling van die strande, geen nadelige uitwerking op die seewater, of die kwaliteit en welsyn van die marine fauna, en geen bakteriologiese en chemiese besoedeling sal voortspruit nie.

'n Ooreenkoms wat aangegaan is tussen die Kommissie en die WNNR in terme waarvan navorsing gedoen is oor die seestorting van uitvloeisels, het gedurende die jaar ten einde geloop. 'n Gids vir die seestorting van afvalwater, wat in terme van die kontrak saamgestel is, sal deur die Kommissie oorweeg en gepubliseer word.



Finansiering van navorsing oor Seestorting uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.



'n Skematische voorstelling van die eksperimentele procedures by Kampsbaai (Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanografie).

Die navorsing het bestaan uit in-situ metings van aanvanklike verdunning van die uitvloeisel wat in die see gestort word deur die uitvalriool by Kampsbaai, en meer beheerde metings vanaf 'n enkele verspreidingspyp wat in Houtbaai geïnstalleer is. Resultate wat verkry is uit verifikasië-eksperimente by beide Kampsbaai en Houtbaai het bevestig dat die werklike verdunning wat verkry word aansienlik groter is as wat teoreties voorspel is. Hierdie bevindings sal in die Gids opgeneem word.

## NAVORSINGSPROJEK

- Navorsing oor die wegdoening van afvalwater in die see: 'n Gids vir die wegdoening van afvalwater in die see  
(Bestaande projek, Kontrak met die WNNR – Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanologie).



# 11


## NAVORSING OOR DIE BEHANDELING VAN NYWERHEIDSUITVLOEISELS

Nywerheidsgroei stel hoë eise aan die land se waterhulpbronne. Vooruitskattings, gebaseer op huidige tendense, toon dat die waterbehoeftes van die mynbou-, huishoudelike- en nywerheidsektore sal toeneem vanaf die huidige 31 % tot 38 % van al die water wat in die land gebruik word teen die einde van die eeu. Dit is 'n feit dat die kwaliteit van water versleg wanneer dit in 'n stedelike nywerheidsomgewing gebruik word. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat stappe betyds gedoen word om besoedeling van die wateromgewing die hoof te bied.

Die onderliggende beginsel van Kommissie-ondersteunde projekte oor die behandeling van nywerheidsuitvloeisels, is om die besoedelingslading wat 'n fabriek verlaat, tot 'n minimum te beperk, ten einde 'n groter mate van waterhergebruik op die fabrieksperseel te verseker. In 'n poging om hierdie doelstelling te bereik word standaardtegnologie geëvalueer en indien dit onbevredigend bevind word, word gevorderde behandelingstegnologieë, wat bedrewenheid in die vakgebied verg, ondersoek. Daar is in die laaste aantal jare sonder uitsondering gevind dat gevorderde tegnologie noodsaaklik is vir ekonomiese uitvoerbare oplossings vir die probleme van nywerheidsuitvloeisels. Die vinnige vordering wat gemaak word op tegnologiese gebied en die ontwikkeling van nuwe behandelingsprosesse het die behandeling van die moeilikste, gevaarlikste en aanstootlikste uitvloeisels moontlik gemaak binne 'n prysklas wat deur elke fabriek bekostig kan word.

Dit het hoofsaaklik moontlik geword as gevolg van die ontwikkeling van membraanskeidingsprosesse. Een of meer van hierdie membraanprosesse, soos tru-osmose, ultrafiltrasie, dinamiese ultrafiltrasie, nanofiltrasie en kruisvloeimikrofiltrasie word amper sonder uitsondering aangewend in WNK-navorsingsprojekte wat handel oor nywerheidsuitvloeisels.

Die Kommissie het in 1986 agt navorsingsprojekte oor die behandeling van nywerheidsuitvloeisels ondersteun, waarvan twee gedurende die jaar ten einde geloop het, vyf deurlopend is en een 'n aanvang geneem het.



Finansiering van navorsing oor Nywerheidsuitvloeisels uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

### 'n NASIONALE OPNAME VAN NYWERHEIDSWATER EN AFVALWATER (NATSURV)

Hierdie bestaande projek het die daarstelling van 'n databasis ten doel waarin alle waterverwante inligting oor nywerhede




opgeneem word, en die identifisering van gebiede waar navorsing nodig is om hulp te verleen aan fabrieke vir verbeterde water- en uitvloeiselbestuur. 'n Verdere oogmerk is om die Departement van Waterwese behulpsaam te wees ten opsigte van die uitreiking van permitte vir die storting van nywerheidsuitvloeisels. Die Departement van Waterwese sal gebruik maak van die inligting, wat deur NATSURV ingewin is, vir die beplanning en bestuur van waterhulpbronne. Die nywerheidsektor vind ook baat by 'n NATSURV-opname. Watermeters word gekalibreer, lekkasies word dikwels opgespoor, 'n behoorlike bestuurstrategie vir water en uitvloeisels word aan die hand gedoen, en 'n fabrieksverslag, wat 'n opsomming van alle inligting aangaande watergebruik op die perseel behels, word gelewer. NATSURV verskaf ook inligting wat munisipaliteite sal help om die koste te bereken van nywerheidsuitvloeisel vanaf fabrieke wat nie toegerus is met uitvloeiselmeters nie en wat nie gereeld bemonster word nie. 'n Opname van al die nywerhede binne sekere prioriteitsopvanggebiede sal nuttige inligting oplewer aangaande totale nywerheidsaanvraag na water sowel as besoedelingslading binne die opvanggebied. Die vernaamste bydraes tot nywerheidsbesoedeling binne die opvanggebied kan dan geïdentifiseer word.

Inligting wat ingewin word met hierdie opname sal ook gebruik word om kort handleidings saam te stel vir nywerhede wat water verbruik. In hierdie handleidings word die inligting wat in die NATSURV-databasis opgeneem word, in 'n kompakte en verkorte vorm weergegee. Mikpunte vir spesifieke water-inname en besoedelingslading sal voorgelê word en koste-doeltreffende metodes om hierdie mikpunte te bereik sal bespreek word. Strategieé vir water- en uitvloeiselbestuur sal ook in hooftrekke beskryf word.


## DIE ONTWIKKELING VAN ONDERSTEUNINGSTELSELS VIR KRUISVLOEIMIKROFILTRASIE

Hierdie projek het gevvolg op die ontwikkelingsfase van kruisvloeimikrofiltratie wat gedurende 1984 onderneem is. Daar is bevind dat die tegniek suksesvol toegepas kan word vir die behandeling van 'n wye reeks nywerheidswaters en afvalwaters. Dit kan die hergebruik van water deur die nywerheid verhoog. Die proses is ook belowend as 'n goedkoop tegniek vir die



Verdampingsdamme – huidige metode vir die wegdoening van slyke wat ontstaan gedurende waterbehandeling: H D Hill Waterwerke, Umgeni Waterraad, Pietermaritzburg.





Buisfilterpers – nuwe tegniek ontwikkel deur die Besoedelingsnavorsingsgroep, Universiteit van Natal.



Loodsaanleg vir die herwinning van water en neue-produkte uit abattoiruitvloeisels met behulp van ultrafiltrasie en tru-osmose.

verdikking en ontwatering van slyk, wat ontstaan ná water- en uitvloeiselbehandeling.

In laasgenoemde verband is daar 'n patent aangevra, getitel *Dewatering Slurries*, waarvolgens 'n geweefde buis as 'n filterpers gebruik word. Die buispers is die eerste keer aangewend in 'n aanleg wat die flodder van die HD Hill-waterwerke van die Umgeni Waterraad in Pietermaritzburg ontwater.

Ander toepassings soos die filtrering van die uitvloeisels van riuolwaterwerke, ontwatering van slyk en die behandeling van nywerheidsuitvloeisels sal ook ondersoek word.

## VOLTOOIDE PROJEKTE

**Die evaluering van die tegniese werkverrigting van 'nloodsskaalse aanleg vir die behandeling van pulpbleikuitvloeisel deur kruisvloeimikrofiltrasie en tru-osmose**

Die projek was veral daarop gemik om kruisvloeimikrofiltrasie te evalueer as voorbehandeling vir tru-osmose om sodoende die kringloop van pulpbleikuitvloeisel te voltooi.

Dit was die eersteloodsskaalse toepassing van kruisvloeimikrofiltrasie, soos ontwikkel deur die Universiteit van Natal. In oorleg met SAPPI is die proses verder ontwikkel om 'n handige hulpmiddel met baie toepassingsmoontlikhede binne die pulp- en papiernywerheid te word. Die volledige proses is by SAPPI se Enstra Meule by Springs getoets en verdere evaluering sal gedoen word by die Ngodwana Meule in Oos-Transvaal.

## Water- en afvalwaterbestuur in die vleisprosesseringsnywerheid

Die doelstelling van die tweede fase van hierdie projek was om bedryfsondervinding oor tru-osmose- en ultrafiltrasiemembrane op te doen oor 'n tydperk van 3 000 loopure, om o.a. die leeftyd van hierdie membrane op abattoir-uitvloeisels te bepaal. Die proefneming was suksesvol in die opsig dat water van 'n goeie gehalte onafgebroke gelewer kan word vir hergebruik in sekere afdelings van 'n abattoir.

'n Demonstrasie van die proses is gehou by die Maitland Abattoir, Kaapstad, waar die vleisverwerkingsnywerheid en raadgewende ingenieurs kennis geneem het van hierdie nuwe ontwikkeling in die behandeling van 'n sterk organiese uitvloeisel.

## NUWE PROJEK

**Navorsing oor die ontwikkeling van polimere vir die vorming van dinamiese membrane en die evaluering daarvan vir die behandeling van nywerheidsuitvloeisels**

Konvensionele dinamiese membrane word gevorm deurdat 'n anorganiese polimeriese lagie (byvoorbeeld sirkonium hidroksied) neergelê word op buisvormige vlekvrye staal of ander poreuse steunmiddel. Die resulterende membraan dien as 'n ultrafiltrasiemembraan met 'n lae soutverwerping. 'n Organiese polimeer (byvoorbeeld poliakrielsuur) kan dan neergelê word op die sirkoniumlagie om sodoende 'n membraan te vorm met 'n hoë soutverwerping.

In hierdie projek sal die Universiteit van Stellenbosch 'n stel polimere vervaardig spesifiek vir aanwending by dinamiese membrane met die oog op, onder andere, die verhoging van



die vloedlewering van membrane, die uitbreiding van die pH-bestek van die membrane en die ontwikkeling van membrane wat spesifieke molekulêre massas verwerp. Die Universiteit van Natal en die Nasionale Instituut vir Waternavorsing sal die nuwe membrane ondersoek ten opsigte van drie verskillende nywerheidstoepassings van dinamiese membrane.

'n Aantal polimere is reeds gesintetiseer en word geëvalueer. Navorsing oor die sintese van polimere het daartoe geleid dat 'n wêreldwyse patent aangevra is vir *Dynamic Membranes* wat 'n groot aantal nuwe polimere dek.


## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Navorsing oor en ondersoek na die gebruik van fisiese-chemiese tegnieke vir water- en afvalwaterbestuur in die vleisprosesseringsnywerheid (Voltooide projek. Kontrak met 'n firma raadgewende ingenieurs; Binnie en Vennote).
- Waterbestuur en uitvloeiselbehandeling in tekstielnywerheid: Was- en bleikuitvloeisel (Bestaande projek. Kontrak met Universiteit van Natal – Besoedelingsnavorsingsgroep, Departement Chemiese Ingenieurswese).
- 'n Nasionale opname van nywerheidswater en -afvalwater (Bestaande projek. Kontrak met die Departement van Waterwese en 'n firma raadgewende ingenieurs; Binnie en Vennote).
- Die evaluering van die tegniese werkverrigting van 'n volkskaalse aanleg vir die behandeling van nywerheidsafvalwater: Die behandeling van tekstielkleurdery-uitvloeisel deur middel van hiperfiltrasie en verdamping (Bestaande projek. Kontrak met Kluk Textile Industries (Edms) Bpk. T/A MYM Textiles (Edms) Bpk. en die Universiteit van Natal).
- Navorsing oor die behandeling van wolwassery-uitvloeisels. (Bestaande projek. Kontrak met Universiteit van Natal – Besoedelingsnavorsingsgroep, Departement Chemiese Ingenieurswese en 'n firma raadgewende ingenieurs; Binnie en Vennote en Gubb en Inggs (Edms) Bpk).
- Die ontwikkeling van ondersteuningstelsels vir kruisvloeimikrofiltrasie en die evaluering van die tegniese werkverrigting daarvan by nywerheidswater en -afvalwater. (Bestaande projek. Kontrak met Universiteit van Natal – Besoedelingsnavorsingsgroep, Departement Chemiese Ingenieurswese).
- Navorsing oor die ontwikkeling van polimere vir die vorming van dinamiese membrane en die evaluering daarvan vir die behandeling van nywerheidsuitvloeisels (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van Natal, Universiteit van Stellenbosch en die WNNR).
- 'n Ondersoek na die water- en uitvloeiselbestuur vir die pulp- en papiernywerheid: Evaluering van die tegniese werkverrigting van die loodsskaalaanleg vir die behandeling van pulp- en papieruitvloeisel met kruisvloeimikrofiltrasie en tru-osmose (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van Natal en SAPPI).



# 12

## NAVORSING OOR WATERBEHANDELING EN HERGEBRUIK



Finansiering van navorsing oor Waterbehandeling en Hergebruik uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

Die hoë eise wat gestel word aan varswaterbronne styg wêreldwyd as gevolg van bevolkingsgroei en die verhoging in lewenstandaard, sowel as groei in die ekonomiese-, landbou- en nywerheidsaktiwiteite. In sommige gebiede word ekonomies beskikbare varswaterhulpbronne reeds benut teen maksimum versekerde lewering. Suid-Afrika is geen uitsondering in hierdie opsig nie.

Afgesien van watertekorte, veroorsaak die toenemende vraag na water die verdere probleem van verswakking van watergehalte, as gevolg van die storting van toenemende volumes behandelde rioolwater en nywerheidsafvalwater in die wateromgewing. Dit veroorsaak 'n akkumulasie van nie-afbreekbare stowwe in die watertoewer. Die enigste manier om hierdie opbou te stuit of 'n omkeer teweeg te bring is om onbesoedelde varswater op groot skaal in te voer om die bestaande voorraad aan te vul en te verdun en/of om gevorderde waterbehandelingsprosesse te gebruik om hierdie stowwe uit die watervoorraad te verwijder. Prosesse wat vir hierdie doel gebruik kan word sluit bv. die volgende in: geaktiveerdekoolstofadsorpsie vir die verwijdering van opgeloste organiese materiaal en tru-osmose vir die verwijdering van beide opgeloste organiese materiaal en opgeloste anorganiese soute.

Gevorderde prosesse word ook gebruik in 'n waterherwinningaanleg om drinkwater te herwin uit behandelde rioolwateruitvloeiels, sodat die hoeveelheid uitvloeiel wat na die wateromgewing terugvloeい verminder word en verdere potensiële verswakking van die watergehalte in sulke waterhulpbronne voorkom word.

Die Waternavorsingskommissie ondersteun navorsing oor albei hierdie stelsels, d.w.s die toepassing van gevorderde prosesse in indirekte hergebruikstelsels en in waterherwinning en direkte hergebruikstelsels. Afgesien van hierdie tegnologiese aspekte van waterbehandeling ondersteun die Waternavorsingskommissie ook navorsing oor die gesondheids- en kwaliteitsaspekte van drinkwater.


### TEGNOLOGIESE ASPEKTE VAN WATERBEHANDELING EN -HERGEBRUIK

Die volgende projekte in verband met die tegnologiese aspekte van waterbehandeling- en hergebruik is gedurende die jaar




voltooï:

- Die projek oor waterherwinning op die Kaapse Vlakte, wat gedurende die jaar as 'n proefherwinningsaanleg bedryf is, is uitgevoer deur die Stadsraad van Kaapstad. 'n Intensieve multi-organisatoriese waaktoetingsprogram van die gehalte van die herwonne water is gedurende die jaar uitgevoer. Resultate van hierdie studies het vroeëre bevindings bevestig, naamlik dat die gehalte van die herwonne water voldoen aan die vereistes van die gehaltemaatstawwe en -standarde vir drinkwater. Dit het ook gedemonstreer dat die herwinningsaanleg op 'n daaglikse basis deur munisipale personeel bedryf kan word.
- Die projek oor die karakterisering, evaluering en regenerering van geaktiveerde koolstof vir waterherwinning en -behandeling is gesamentlik uitgevoer deur die WNNR, die Randse Waterraad en Nasionale Chemiese Produkte. Die vernaamste bevindings van hierdie projek is gepubliseer (sien **Bylae 2**), terwyl die bevindings van die Randse Waterraad gedurende 1987 gepubliseer sal word.
- Die projek het getoon dat die opgeloste organiese materiaal in Vaal Barrage-water verminder kan word tot baie lae vlakke deur die gebruik van sekere tipes geaktiveerde koolstof en dat doeltreffende regenerasie van die geaktiveerde koolstof oor 'n aantal sirklusse 'n kritiese faktor is in die vasstelling van die praktiese en ekonomiese moontlikhede van die proses op baie groot skaal.
- Die projek oor die invloed van adsorpsie-oksidasie proseskonfigurasies op die gehalte van herwonne water is deur die WNNR voltooï en die resultate is reeds gepubliseer (sien **Bylae 2**). Die hoofbevindings is dat, indien geaktiveerdekoolstofadsorpsie voorafgegaan word deur voorosonering, die gehalte van die finale water aansienlik verbeter met betrekking tot opgeloste organiese koolstof, maar dat potensiele trihalometaanvorming nie daardeur geraak word nie. Voorchlorering het geleid tot 'n verswakkning in die gehalte van die finale water terwyl voorbehandeling met chloordicksied onbeduidende veranderinge in die gehalte van die finale water teweeggebring het.



Die gaschromatograaf-massaspektrometer kombinasie vir die bepaling van organiese verbindings in water.



Op die foto kan die kapillêre kolom in die gaschromatograaf van naderby gesien word.

## GESONDHEIDS- EN KWALITEITSASPEKTE VAN DRINKWATER

Drinkwater moet aan 'n reeks norme voldoen voordat dit vir menslike gebruik benut kan word. Dit is dus vir die WNK belangrik om navorsing oor aspekte van drinkwatergehalte te ondersteun. Die WNK het gedurende die jaar vyf projekte in hierdie verband gefinansier. Drie van hierdie projekte het direk met gesondheidssimplikasies te doen (waaronder epidemiologiese studies), terwyl twee nuwe projekte handel oor trihalometane in drinkwater en 'n toksisiteitsmeter.

Die aanvanklike aandag van die navorsing wat deur die WNK ondersteun word, was toegespits op die gehalte van die herwonne water wat verkry is uit behandelde rioolwater, omdat hierdie herwonne water as 'n aanvulling van die drinkwater van Windhoek gebruik is. Namate meer kennis verkry is, was dit gou duidelik dat 'n deeglike ondersoek na alle drinkwater – ongeag die bron waaruit dit verkry is – uitgevoer moes word. Die rede hiervoor is dat bestaande varswaterbronne aan steeds



toenemende besoedeling blootgestel word en dit daarom belangrik is om te verseker dat alle drinkwater aan die hoogste norme voldoen.

Resultate van navorsing – veral dié oor 'n tydperk van 10 jaar in Windhoek – toon dat herwonne water in alle opsigte aan drinkwaternorme voldoen en dat tot op datum geen nadelige langtermynuitwerking op die gesondheid van die mens waargeneem kon word nie. In Kaapstad is 'n databank van heersende siektepatrone vir die gebied deur die Departement Gemeenskapsgesondheid van die Universiteit van Kaapstad met ondersteuning deur die WNK ontwikkel. Hierdie studie het ook 'n metodologie ontwikkel om siektepatrone vas te stel en op rekenaar te plaas. Hierdie studie word tans opgevolg in 'n nuwe navorsingsprojek, om vas te stel of daar 'n verskil is tussen die siektepatrone van verskillende gebiede as gevolg van veranderinge in drinkwatergehalte.

Die navorsingsprojek oor die gesondheidsimplikasies van die inname van chemiese kontaminante deur die mens is voltooi en die finale verslag word opgestel. Water is maar een van die vorme van voedselinname en die bydrae van ander voedselsoorte moet in ag geneem word. Hierdie studie behoort inligting te verskaf wat benut kan word vir die vasstelling van drinkwaternorme.

Die uitbreiding van 'n bestaande projek in verband met die modellering van grondwaterkwaliteit in die Atlantis-akwifer (kyk Hoofstuk 3) poog om die virologiese gehalte van die water te bepaal. 'n Bestaande ooreenkoms met die Departement Bakteriologie en Virologie aan die Universiteit van Kaapstad oor die virologiese gehalte van die herwonne water loop hierdie jaar ten einde en dus kan die kundigheid om die virologiese gehalte van drinkwater te bepaal, wat tans daar gevinstig is, benut word vir die Atlantis-projek.

## NUWE PROJEKTE IN VERBAND MET WATERKWALITEIT

In 'n nuwe projek word 'n ondersoek geloods na die voorkoms en konsentrasie van trihalometane (THM) en hulle voorlopers in Suid-Afrikaanse drinkwater en dit word deur die WNNR uitgevoer. Trihalometane is gehalogeneerde organiese verbindings wat ontstaan as gevolg van die ontsmetting van water met chloor. Die trihalometane wat in klein konsentrasies vorm, het die afgelope jare wêreldwyd baie aandag geniet, veral vanweë die bewerings dat die inname daarvan oor 'n lang termyn moontlik 'n gesondheidsrisiko vir die verbruiker kan inhoud. Sekere lande het kwaliteitskriteria neergelê vir hierdie verbindings. In Suid-Afrika bestaan daar nie norme vir THM in water nie; trouens baie min is bekend oor die voorkoms en konsentrasie van hierdie verbindings in plaaslike drinkwater. Die inligting uit hierdie navorsingsprojek sal 'n bydrae maak tot die daarstelling van gehaltekriteria, indien nodig, vir THM in drinkwater. Verder kan die navorsing 'n invloed hê op die tegnologiese inset om hierdie verbindings en hulle voorlopers uit water te verwijder.

Die tweede nuwe projek handel oor die ontwikkeling van 'n draagbare toksisiteitsdetektor vir water. Hierdie projek spruit voort uit die behoefté aan vinnige en betroubare biologiese waaktoetsingmetodes. Die navorsing word deur die WNNR uitgevoer; die WNK maak trouens net 'n klein inset tot hulle meer omvattende navorsingsprogram oor biologiese waaktoetsing van water. Die detektor is gebaseer op die beginsel van inhibering



van spesifieke ensieme-sisteme deur chemiese stowwe. Die betrokke ensieme straal 'n hoeveelheid lig uit tydens 'n biochemiese reaksie en die uitgestraalde lig word geneem. 'n Afname in liguitstraling word dan in verband gebring met die teenwoordigheid van skadelike verbindings in die water.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE


- Die konstruksie en bedryf van die Kaapse Vlakte prototipe waterherwinningsaanleg en die waaktoetsing van die gehalte van herwonne water (Voltooide projek. Kontrak met die Stadsraad van Kaapstad).
- Navorsing oor die karakterisering, evaluering en heraktivering van aktiewe koolstof vir waterherwinning en watersuiwering (Voltooide projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing; die Randwaterraad; en Nasionale Chemiese Produkte).
- Navorsing oor die invloed van adsorpsie-oksidasie proseskonfigurasies op die gehalte van herwonne water (Voltooide projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Navorsing oor die moontlike chroniese gesondheidseffekte van die inname van herwonne water deur verbruikers te Windhoek (Bestaande projek. Kontrak met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing).
- Tegnologiese ontwikkeling van waterherwinning op basis van die Windhoek-aanleg (Bestaande projek. Kontrak met die Munisipaliteit van Windhoek en die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Waaktoetsing van die virologiese gehalte van herwonne water vanaf die prototipe Kaapse Vlakte-waterherwinningsaanleg (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Kaapstad – Departement Bakteriologie).
- Navorsing oor die herwinning van sekondêre riooluitvloeisels deur middel van tru-osmose (Bestaande projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Navorsing oor die gesondheidsimplikasies van die inname van chemiese kontaminante deur die mens (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Kaapstad – Departement Dierkunde).
- 'n Ondersoek na die voorkoms en konsentrasie van trihalometane en hulle voorlopers in Suid-Afrikaanse drinkwater (Nuwe projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Die ontwikkeling van 'n draagbare toksisiteitsmeter vir water (Nuwe projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Waternavorsing).
- Navorsing oor epidemiologiese waaktoetsing van potensiële veranderinge in drinkwatergehalte (Nuwe projek. Kontrak met die Universiteit van Kaapstad – Departement Gemeenskapsgesondheid).



# 13

## NAVORSING OOR ONTSOUTING

Ontsouting van water kan teweeggebring word deur die toepassing van 'n aantal prosesse, insluitende distillasie, tru-osmose, elektrodialise en vriestegnologie. Gedurende 1986 het die Kommissie vier navorsingsprojekte oor verskillende aspekte van tru-osmose en elektrodialise ondersteun.



### TRU-OSMOSE

Tru-osmose is 'n drukaangedrewe membraanproses wat in staat is om opgeloste soute uit water te verwijder. Die membraan, wat baie "dig" is, verwijder ook ander stowwe uit die water soos kolloïdale materiaal, bakterieë en virusse, sowel as die meeste opgeloste organiese stowwe. Tru-osmose word dus gebruik in twee tipes aanwendings, nl.


- om drinkwater te verkry uit see- en brakwater; en
- om water te herwin vir hergebruik deurdat opgeloste soute verwijder word uit myn-, nywerheids- en ander uitvloeisels.

Aanvanklik het die Kommissie hoofsaaklik navorsing oor die ontsouting van see- en brakwater ondersteun. Relatief grootskaalse loodsaanlegstudies is uitgevoer wat die tegniese uitvoerbaarheid van die proses gedemonstreer het.


Oor die afgelope aantal jare het die klem van die navorsing ietwat verskuif na die toepassing van tru-osmose in waterherwinning en ontsouting van myn- en nywerheidsuitvloeisels. Navorsing word gedoen oor die ontsouting van ondergrondse mynwater, koeltoringspuiwater, sekondêre rioolwateruitvloeisel en verskillende nywerheidsuitvloeisels.

Bo en behalwe die navorsing oor toepassings en prosesontwikkeling, ondersteun die Kommissie ook navorsing oor die ontwikkeling van membraan vir tru-osmose en die ontwikkeling van plaaslike vervaardigingstegnologie en -kundigheid.

Gedurende 1986 is een nuwe projek geloods wat handel oor die herwinning van water uit sekondêre rioolwateruitvloeisel. Die projek word uitgevoer in samewerking met die Municipaaliteit van Port Elizabeth, die WNNR en Bintech (Edms) Bpk. 'n Buistipe  $400 \text{ m}^3/\text{d}$  tru-osmose-aanleg is by die Fish Water Flats Rioolwerke in Port Elizabeth in werking gestel om water, wat gebruik word as ketelvoedingswater, te herwin. Die hoofdoelstellings van hierdie projek is om bedryfsdata te bekom waarop die ontwerp en bedryf van grootskaalse herwinningstaalé gebaseer kan word, en om die gehalte van herwonne water te evalueer.



'n Tipiese buistype tru-osmose toetsaanleg vir uitvloeiselherwinning.



Op die foto kan die module en die rangskikking van die membraan van naderby gesien word.

## ELEKTRODIALISE MET OMKEERBARE POLARITEIT

Elektrodialise met omkeerbare polariteit (EDO) is 'n elektries-aangedrewe membraanproses wat in staat is om geïoniseerde stowwe uit oplossing te verwijder. EDO verskil van konvensionele elektrodialise slegs in die opsig dat die polariteit periodiek omgekeer word, wat 'n gevoulige omkering in die vloei van ione teweegbring. Hierdie aksie minimaliseer probleme soos membraanverstopping en verskaling sodat hoe waterherwinning moontlik is. In hierdie geval het die Kommissie slegs navorsing oor verskillende toepassings van EDO ondersteun, nl. oor die ontsouting van koeltoringspuiwater in samewerking met EVKOM, en oor die ontsouting van ondergrondse mynwater in samewerking met die Kamer van Mynwese.

Navorsing oor koeltoringspuiwater is begin met 'n klein loodsskaalse ( $5 \text{ m}^3/\text{d}$ ) aanleg wat later uitgebrei is tot 'n  $120 \text{ m}^3/\text{d}$  aanleg. Hierdie werk het geleid tot die konstruksie van 'n grootskaalse  $4 \text{ Ml/d}$  EDO-aanleg by die Tutuka Kragsentrale om koeltoringspuiwater te ontsout en te herwin.

Gedurende 1986 het EDO-navorsing oor die ontsouting van ondergrondse mynwater verskuif na die goudmyne van die Oranje-Vrystaat na aanvanklike navorsing op die Oos-Rand. Die navorsing word voortgesit op die  $120 \text{ m}^3/\text{d}$  loodsskaalse aanleg wat voorheen gebruik is vir die projek oor verkoelingswater.

## LYS NAVORSINGSPROEKTE

- Navorsing oor membraanontwikkeling en vervaardiging vir tru-osmose en ultrafiltrasie (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Stellenbosch – Instituut vir Polimeerwetenskappe).
- Navorsing oor die ontsouting van ondergrondse mynwater met EDO (Nuwe projek. Kontrak met die Kamer van Mynwese).
- Navorsing oor die gangbaarheid van tru-osmose vir waterherwinning op volkskaal (Nuwe projek. Kontrak met die Munisipaliteit van Port Elizabeth, die WNNR en Bintech (Edms) Bpk.).



# 14


## NAVORSING OOR WATERBESPARING IN STEDELIKE GEBIEDE

Die noodsaaklikheid van waterbesparing is weer eens beklemtoon deur die intensiteit en erns van die huidige droogte. Daar is 'n beroep gedoen op nywerheids-, handels en huishoudelike gebruikers in droogte geteisterde gebiede, wat 30 tot 35 persent van die totale water gebruik, om waterverbruik te besnoei met 30 persent teenoor onbeperkte vlakke voorheen. Finansiële ontmoediging in die vorm van stygende glyskale en boetes is in die meeste PWV-gebiede ingevoer en hierdie maatreëls beklemtoon weer die belangrikheid van waterbesparingsmaatreëls in stedelike gebiede.


Die WNK ondersteun twee projekte in hierdie verband, nl. navorsing oor waterverliesontleding en navorsing oor die bepaling van die waterverbruik van individuele woonstelle.

Die navorsing oor waterverliesontleding van munisipale waterverspreidingsstelsels is aan die einde van 1986 voltooi. Die projek het gehandel oor een aspek van onverrekende water, wat die verskil is tussen die totale hoeveelheid water wat aangekoop is en die water wat aan verbruikers verkoop is, en bestaan uit drie komponente:

- foutiewe meter (water bereik die verbruiker maar word nie betaal nie);




Resultate van 'n lekopspringsondersoek wat 15 700 eiendomme in die Johannesburg munisipale gebied behels het.



Finansiering van navorsing oor Waterbesparing in Stedelike Gebiede uitgedruk as '% persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.





'n Lekopsporingsvoertuig.

- ongemeterde watertoewer (brandkrane, municipale gebruik in parke en tuine); en
- waterlekkasies uit verspreidingsnetwerke.

Die waterlekkasie-komponent is gemeet deur gebruik te maak van 'n voertuig wat toegerus is met elektroniese toerusting om lakkasies op te spoor. Resultate in sommige gebiede het onrusbarende ondergrondse verliese getoon wat verbruik tot twee en 'n half keer oorskry in 3 van die 19 gebiede wat in Johannesburg ondersoek is. Die gemiddelde waterverlies vir die hele opgawe, wat 15 persent van die municipale gebied van Johannesburg gedek het, was 30 percent.

Die projek oor die bepaling van die waterverbruik in woonstelle het tot dusver getoon dat verbruik in woonstelle aansienlik kan varieer tussen woonstelle van dieselfde grootte en bewoning. In gevalle waar 'n woonstelgebou as geheel die kwota, wat deur 'n plaaslike owerheid bepaal is, oorskry en dus boetes oploop, kan die skuldiges egter geïdentifiseer en tot verantwoording geroep word as die waterverbruik van individuele woonstelle bepaal word. Ongelukkig is die waterverspreidingspype in die meeste bestaande woonstelgeboue nie geskik vir die agterinstallering van individuele watermeters nie.

Die Kommissie dien ook in die "Aanvaardingskomitee vir die Gesamentlike Aannameskema vir Waterinstallasiekomponente" (GASWIK), en is as sulks in staat om op hoogte te bly van die behoeftes van munisipaliteite i.v.m. watertoewer. Die wenslikheid van GASWIK as 'n vereniging is 'n aantal jare gelede besef tydens die projek oor Waterbesparingsmaatreëls wat deur die WNK in samewerking met die WNNR uitgevoer is en wat in Desember 1984 ten einde geloop het.

Die behoefte aan rasionalisasie van die verskillende benaderings ten opsigte van die goedkeuring van watertoewertoebere deur die onderskeie plaaslike owerhede, het geleid tot die stigting van 'n aanvaardingskomitee wat bestaan uit die stede Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Pretoria, sowel as die SABS en die WNK, terwyl Johannesburg die vergaderings bywoon as 'n waarnemer. Hierdie komitee vergader tans elke 6 tot 8 weke beurtelings in elk van die stede wat verteenwoordig is. Alle inligting wat tot dusver ingewin is, is in 'n rekenaar opgeneem. Ongeveer sesig plaaslike owerhede het hulle bereid verklaar om te deel in die skema deurdat hulle onderneem het om die GASWIK-lys van goedgekeurde toebehere te aanvaar.

## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Navorsing oor waterverliesontledings in municipale waterverspreidingsstelsels (Bestaande projek. Kontrak met Castle Brass Holdings (Edms) Bpk. en die Stadsraad van Johannesburg).
- Navorsing oor waterverbruik en moontlike waterbesparing in woonstelgeboue (Bestaande projek. Kontrak met die WNNR – Nasionale Bounavorsingsinstituut).




# 15

## NAVORSING OOR WATERBESPARING BY KRAGSTASIES


Elektriese kragstasies gebruik ongeveer 2 % (in 1985 het dit  $350 \times 10^6 \text{ m}^3/\text{a}$  bedra) van die totale hoeveelheid water wat jaarliks in Suid-Afrika gebruik word. Ongeveer 70 % van hierdie water gaan as gevolg van verdamping tydens die verkoelingsproses verlore. Die verdampingsverliese kan egter heeltemal uitgeskakel word deur van droëverkoeling gebruik te maak.

Alhoewel droëverkoeling groot waterbesparing tot gevolg het, is daar egter ook nadele aan die proses verbonde. Eerstens vereis droëverkoeling groter kapitale uitleg as 'n gewone natverkoelingstoring, en tweedens is droëverkoeling ook minder doeltreffend met die gevolg dat meer steenkool gebruik moet word vir dieselfde kraglewing as met natverkoeling. Dit is dus noodsaaklik dat droëverkoelingstelsels so doeltreffend as moontlik moet funksioneer.

As gevolg van die beperkte beskikbaarheid van water op die Transvaalse steenkoolvelde, het die Departement van Waterwese van EVKOM vereis om van droëverkoeling by sommige van sy nuwe kragstasies gebruik te maak. Die Kommissie het onderneem om in samewerking met EVKOM navorsing te ondersteun vir die optimisering van droë- en droënatverkoeling onder plaaslike toestande met die oog op die verdere toepassing van die prosesse, ook in ander nywerhede.




Finansiering van navorsing oor Waterbesparing by Kragstasies uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.



Matimba, die wêreld se grootste direkte lugverkoelde kragstasie, word tans opgerig by Ellisras in die Transvaal. (Foto met vergunning van die Buro vir Meganiese Ingenieurswese (BMI)).

Kommissie-ondersteunde navorsing oor die optimisering van droë- en droënatverkoeling is op die volgende gerig:

- navorsing oor die effek van atmosferiese toestande op die werkverrigting van droëkoeltorings;
- die ontwikkeling van rekenaartegnieke vir die evaluering en optimisering van droënatverkoelingstelsels;
- navorsing oor die moontlike hersirkulasie van warm lug in droëverkoelingstelsels; en
- navorsing oor korrosie in droë- en droënatverkoelingsbuise.



Watertunnel-toetse by NMERI van die WNNR om moontlike warmlugsirkulasie by lugverkoelde kragstasies te bepaal.


## LYS NAVORSINGSPROJEKTE

- Die ontwikkeling van gerekenariseerde evalueringstegnieke vir droëverkoelingstelsels (Bestaande projek. Kontrak met EVKOM en die Universiteit van Stellenbosch – Buro vir Meganiese Ingenieurswese).
- Navorsing oor termiese terugvoering veroorsaak deur droëverkoeling by kragopwekking (Bestaande projek. Kontrak met EVKOM en die WNNR – Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium).
- Modelstudies van lugvloeipatrone in meganiese-trek lugverkoelingssisteme by kragstasies (Nuwe projek. Kontrak met EVKOM en die WNNR).
- Rekenaar- en laboratoriumoptimeringstudies oor droë- en droënatverkoeling (Nuwe projek. Kontrak met EVKOM en die Universiteit van Stellenbosch).



# 16

## NAVORSING OOR DIE SOSIO-EKONOMIESE GEVOLGE VAN WATERBEPERKINGS



Finansiering van navorsing oor Sosio-ekonomiese Gevolge van Waterbeperkings uitgedruk as 'n persentasie van totale navorsingsuitgawes van die WNK vir 1972 tot 1986.

Sedert die opheffing van die waterbeperkings in Natal gedurende 1985 het daar nog geen verligting gekom vir daardie dele van Suid-Afrika waar waterbeperkings ook vroeg in 1983 ingestel is nie. Die beperkte watervoorrade wat in hierdie stadium beskikbaar is, maak dit noodsaaklik dat daar met hierdie algemene praktyk in droogtetye voortgegaan sal word.

In Suid-Afrika, en ook elders in die wêreld, is daar nie baie inligting beskikbaar oor die presiese sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings asook die mate waarin die graad van beperkings hierdie gevolge beïnvloed nie. In meeste van die ekonomies aktiewe sektore het waterbeperkings wel 'n negatiewe invloed, maar vanselfsprekend sal alle sektore nie in dieselfde mate geaffekteer word nie. Soos dan verwag kan word, veroorsaak hierdie situasie probleme vanuit die oogpunt van optimale bestuur van watervoorsiening, aangesien goeie voorafberamings van veral die ekonomiese gevolge feitlik onmoontlik is.

Teen hierdie agtergrond het die Kommissie in die huidige waterbeperkingsituasie 'n ideale geleentheid gesien om 'n ondersoek van stapel te stuur waarin dan huis op die sosiologiese en ekonomiese gevolge van die huidige beperkings gekonsentreer sal word. Die beperkings wat tans van krag is raak nie net alle ekonomiese sektore oor 'n groot deel van Suid-Afrika nie, maar varieer ook in graad, met die gevolg dat 'n ondersoek op die huidige tydstip dus as baie wenstlik beskou is.

Gevolglik is ooreenkomste in 1985 met drie instansies gesluit om die sosiologiese en ekonomiese gevolge van waterbeperkings soos ondervind deur besproeiingsboerdery, mynbou, elektrisiteitsvoorsiening, die sentrale owerheid, nywerhede, plaaslike besture en huishoudings te ondersoek. Hierdie instansies sal afsonderlik rapporteer oor die sektore wat deur elk ondersoek is, waarna 'n samevatting van die hele ondersoek voorberei sal word.

Die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika, wat verantwoordelik is vir die ondersoek na sosio-ekonomiese verliese vir die huishouding a.g.v. waterbeperkings, het gedurende 1986 'n verslag getitel *Finansiële en sosiale implikasies van waterbeperkings vir huisbewoners in geselekteerde gebiede* oor hul navorsing by die Kommissie ingedien. Na oorweging van die



verslag het die Kommissie besluit om publikasie daarvan terug te hou tot tyd en wyl die verslae van die ander twee instansies, asook die samevattende verslag, beskikbaar is. Die rede vir hierdie besluit is dat dit belangrik geag word dat 'n geheelbeeld van die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings verkry word waarin die relatiewe belang van die verskillende sektore dan meer objektief geëvalueer kan word.


## LYS NAVORSINGSPROEKTE

- Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings op besproeiingsboerdery, mynbou, elektrisiteitsvoorsiening en die sentrale owerheid (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing).
- Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings op nywerhede en plaaslike besture (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Natal – Sentrum vir Toegepaste Maatskaplike Studies).
- Navorsing oor die sosio-ekonomiese verliese vir die huishouding as gevolg van beperkings op waterverbruik (Bestaande projek. Kontrak met die Universiteit van Suid-Afrika – Buro vir Marknavorsing).



# 17

## NAVORSINGSONDERSTEUNINGSDIENSTE



Finansiering van Navorsingondersteuningsdienste deur die WNK vir 1975 tot 1986 (in Rand).



Die WNK se navorsingsprojekte dek 'n breet spektrum en hulle word in die onderskeie hoofstukke onder bepaalde navorsingsvelde ingedeel en bespreek. Daar is egter drie aktiwiteite wat nie as sodanig as navorsingsprojekte beskou kan word nie, maar tog vir die bestuur daarvan (loodskomitee, begroting, ens.) as projekte hanteer word. Hierdie drie aktiwiteite word as navorsingsondersteuningsdienste beskou aangesien hulle steun verskaf aan al die ander projekte.

Die bekendste van hierdie ondersteuningsdienste is waarskynlik die Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Water, wat sedert 1974 inligtingsdienste aan navorsers en die watergemeenskap lewer. Meer onlangs het die WNK ook twee ander navorsingsondersteuningsdienste ontwikkel, naamlik die Rekensemtrum vir Waternavorsing en die Nasionale Hidrologiese Inligtingstelsel.

### DIE SUID-AFRIKAANSE INLIGTINGSENTRUM VIR WATER

Die Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Water (SAIW) word deur die WNK gefinansier en word deur die Nasionale Instituut vir Informatika (NII) van die WNNR as 'n onafhanklike eenheid bedryf. Die SAIW bied dienste op 'n nasionale grondslag aan vir wetenskaplikes en ingenieurs in die waterveld.

Die SAIW bedryf 'n gerekenariseerde bibliografiese databasis, *Waterlit*, wat deur hulle self ontwikkel is. *Waterlit* bevat reeds meer as 122 000 verwysings wat teen 'n tempo van sowat 15 000 items per jaar toegevoeg word uit ongeveer 500 wetenskaplike en tegniese joernale sowel as verslae, tesisse, boeke, patente en konferensiehandelinge.

Daar is gedurende die jaar maandeliks gemiddeld sowat 100 retrospektiewe inligtingsoektagte op *Waterlit* uitgevoer terwyl ongeveer 314 SDI (selektiewe disseminasie van inligting) - profielhouers maandeliks op hoogte gehou word met dit wat in hulle besonderse belangstellingsvelde gepubliseer is. Sommige van die retrospektiewe inligtingsoektagte is deur die Departement van Waterwese, universiteitsbiblioteke, ander WNNR-institute en streekkantore van die NII uitgevoer.

Gedurende die jaar het die Sentrum hulp verleen aan die JLB Smith Instituut vir Viskunde te Grahamstad, om 'n databasis soortgelyk aan *Waterlit*, naamlik *Fishlit*, van die grond af te kry. Inligting wat voorheen op *Waterlit* opgeneem is, word nou deur die JLB Smith Instituut op *Fishlit* geïndekseer, maar *Fishlit* is ook vir die SAIW beskikbaar en daar word alreeds 85 SDI-profiële op *Fishlit* deur die SAIW bedryf.

**Tabel 1**  
**GEBRUIK VAN WATERLIT DEUR ONDERSKEIE SEKTORE**

| Waterlit gebruikers                                 | Retrospektiewe inligtingsoektagte |        | SDI-profiel |        |
|---|-----------------------------------|--------|-------------|--------|
|   | 1985 %                            | 1986 % | 1985 %      | 1986 % |
| Universiteite                                       | 25,5                              | 21,0   | 36,0        | 42,0   |
| Departement van Waterwese en ander staatsinstansies | 20,2                              | 17,7   | 20,4        | 16,6   |
| WNNR  | 16,0                              | 20,1   | 16,8        | 17,2   |
| Nywerhede en privaatmaatskappye                     | 13,7                              | 14,4   | 8,4         | 9,9    |
| Konsultante   | 6,7                               | 8,9    | 4,0         | 2,9    |
| Munisipaliteite en waterrade                        | 5,2                               | 5,9    | 6,4         | 5,4    |
| Ander   | 12,7                              | 12,0   | 8,0         | 6,0    |

**Tabel 2**  
**BELANGSTELLINGSVELDE WAAROOR MEESTE INLIGTING GEVRA WORD**

| Belangstellingsveld                      | Retrospektiewe inligtingsoektagte |        | SDI-profiel |        |
|--|-----------------------------------|--------|-------------|--------|
|  | 1985 %                            | 1986 % | 1985 %      | 1986 % |
| Nywerheidsuitvloeisels                   | 14,1                              | 13,5   | 8,0         | 6,1    |
| Waterbeheer, -kwaliteit en -verspreiding | 13,0                              | 12,5   | 8,4         | 8,3    |
| Limnologie en biologie                   | 12,7                              | 13,9   | 21,6        | 30,9   |
| Analise en kwaliteitsbeheer              | 9,1                               | 16,2   | 3,6         | 9,2    |
| Hidrologie                               | 8,1                               | 5,6    | 12,0        | 11,8   |
| Afvalwaterbehandeling                    | 6,4                               | 8,8    | 10,4        | 7,5    |
| Besoedeling                              | 4,9                               | 6,5    | 4,4         | 4,8    |
| Marine-aspekte                           | 4,4                               | 0,7    | 4,4         | 4,1    |
| Akwakultuur                              | 3,6                               | 5,0    | 8,4         | 5,1    |
| Grondwater                               | 2,8                               | 2,6    | 4,4         | 3,1    |
| Landbou en besproeiing                   | 2,5                               | 4,2    | 4,0         | 3,5    |
| Soliede afval                            | 1,5                               | 1,5    | 1,6         | 1,3    |
| Ontsouting                               | 1,2                               | 0,8    | 3,2         | 1,3    |
| Ander                                    | 15,7                              | 8,0    | 6,4         | 2,9    |

'n Student van Engeland, mnr. R. Collis, het gedurende die jaar 'n M.Sc.-verhandeling by die City University in Londen ingedien waarin hy 'n vergelyking tref tussen drie watergerigte bibliografiese databasisse naamlik *Waterlit*, *Aqualine* ('n databasis van die Water Research Centre van Engeland) en *Water Resources Abstracts (WRA)* ('n databasis van die US Geological Survey). In antwoord op twaalf uiteenlopende waterverwante navrae wat op al die databasisse uitgevoer is, het hy gevind dat *Waterlit* in alle opsigte die beste resultate gelewer het. *Waterlit* het 1 022 relevante verwysings opgelewer teenoor byvoorbeeld 859 van die ander twee saam oor die tydperk 1980-1985. Dit het ook 784 unieke verwysings teenoor die *WRA* en 297 van *Aqualine* opgelewer.



*Waterlit* is tans internasional beskikbaar op Pergamon Infoline in Londen. Die SAIW ontvang tantième hiervoor.



In Tabel 1 verskyn inligting oor die plaaslike gebruik van *Waterlit* gedurende die jaar. Tabel 2 verskaf inligting oor die gebiede waaroor die meeste inligting aangevra is.

## REKENSENTRUM VIR WATERNAVORSING

'n Ondersteuningsdiens wat groot potensiaal inhoud vir die bevordering van waternavorsing is van stapel gestuur met die stigting van die Rekensentrum vir Waternavorsing (RSWN) in 1986. Die RSWN word gesamentlik gefinansier deur IBM SA (Edms) Bpk, (tans ISM (Edms) Bpk) die Waternavorsingskommissie en die Universiteit van Natal wat hierdie nasionale sentrum huisves vir gebruik deur waternavorsers in Suid-Afrika. Die verantwoordelikheid vir die algehele bestuur van die sentrum berus by die WNK. Die doelstellings van die RSWN is soos volg:

- Die stigting van 'n nasionale fasilitet om die oordrag van data en inligting tussen datavoorsieningsorganisasies en navorsers te bevorder; die ontwikkeling van toepaslike dataprodukte en die voorsiening daarvan aan waternavorsers; die voorsiening van geskikte sagteware vir waternavorsingsdoeleindes; en die bevordering van die oordrag van navorsingsresultate tussen navorsers en eindgebruikers.
- Die daarstelling van 'n fasilitet waar multidissiplinêre en multi-organisatoriese navorsing onderneem kan word deur mense in verskillende organisasies oor die hele land.
- Die voorsiening van gevorderde en/of alternatiewe reken- en rekenaargrafiese fasilitete vir navorsers in die hele Suid-Afrika.

Die aard van die RSWN sal 'n rekensentrum wees wat mettertyd al die waternavorsings-, datavoorsienings- en



'n Visuele voorstelling van die data-oordragfunksie wat die RSWN sal verskaf.



Die RSWN-span. Van links: Keith Fismer, Jane Conning, Arne Kure, Melanie Gorven en Mark Dent.

eindgebruikerorganisasies met mekaar sal verbind via die vernaamste nasionale rekenaernetwerke. Om die doelstellings te bereik, is vinnige en betroubare datakommunikasielynne tussen afgeleë sentra op 'n nasionale basis 'n voorvereiste.

In 1986, die eerste fase van die RSWN, is die onderstaande spesifieke doelstellings bereik:

- 'n Skakelaksie is van stapel gestuur om voornemende gebruikers in te lig oor die aard, die moontlikhede en die beperkinge van die RSWN.
- Die RSWN het gevorder tot die punt waar enige gebruiker van die Universiteit van Natal kan gebruik maak van die dienste van die RSWN.
- Daar is so ver vordering gemaak dat ten minste een ander universiteit die RSWN kon gebruik, maar in werklikheid het die volgende organisasies teen die einde van 1986 toegang gehad tot die RSWN: die Universiteit van Natal; Rhodes Universiteit; die Universiteit van Kaapstad; die WNNR; die Universiteit van Pretoria; en die Randse Afrikaanse Universiteit.

Teen die einde van 1986 was daar 40 geregistreerde gebruikers.

Daar is besluit om na Fase II (1987-1991) oor te gaan en daar word beplan om die algemene doelstellings van die RSWN gedurende hierdie fase te verwesenlik. Om hierdie doelstellings effekief ten uitvoer te bring, hang egter af van die gebruikers se behoeftes en laasgenoemde word ononderbroke gemoniteer sodat die diens wat die RSWN lewer koste-effekief kan wees en betyds geïmplementeer kan word.

Die WNK betoon graag erkenning teenoor IBM vir hulle aansienlike ondersteuning met hierdie poging, in die hoop dat hierdie vrugbare samewerking nog lank in die toekoms sal voortduur tot die voordeel van waternavorsing, Suid-Afrika en al sy mense.

## HIDROLOGIESE INLIGTINGSTELSEL

'n Ernstige beperking in waternavorsing was die feit dat data van 'n gesikte gehalte in gerekenariseerde vorm nie geredelik beskikbaar was nie. Die Departement van Waterwese het oor baie jare 'n geweldige hoeveelheid data ingewin wat egter nie so toeganklik vir waternavorsing was as wat nodig geag word nie. Die WNK het dus 'n kontrak met die Departement aangegaan in terme waarvan hierdie data opgeneem sou word in 'n doeltreffende, gerekenariseerde inligtingstelsel wat bekend staan as die Hidrologiese Inligtingstelsel (HIS). Die WNK verleen bystand aan die Departement met die ontwikkeling van die databanke en die versyfering van historiese data. Hierdie aspekte vorm vanselfsprekend slegs 'n klein, alhoewel baie belangrike, onderdeel van die volledige stelsel van datavaslegging, -berging en -disseminasie van die Departement van Waterwese.

Die projek is nou in sy tweede jaar en vordering verloop volgens plan. Die verwagting is dat die HIS teen die einde van 1990 voltooi sal wees. Die voordele van die projek in terme van rivervloeい- en verdampingsdata word reeds gerealiseer. Daar word beoog dat die inligtingstelsel onder andere rivervloeい- reservoir-, sediment-, chemiese gehalte-, verdampings- en grondwaterdata sal insluit ten tye van voltooiing.

## LYS ONDERSTEUNINGSDIENSTE

- Die daarstelling van 'n Nasionale Hidrologiese Inligtingstelsel (HIS) (Kontrak met die Departement van Waterwese).
- Die Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Water (SAIW) (Kontrak met die WNNR – Nasionale Instituut vir Informatika).
- Die daarstelling van 'n Rekensentrum vir Waternavorsing (RSWN) (Kontrak met die Universiteit van Natal en IBM SA (Edms) Bpk).



# 18

## DIE OORDRAG VAN INLIGTING EN TEGOLOGIE

Die bevordering van oordrag van inligting en tegnologie word saam met die koördinering, bevordering en finansiering van waternavorsing, beskou as een van die vier pilare waarop die doelstellings van die Kommissie gebou is. Dit word baie duidelik in die Waternavorsingswet omskryf, naamlik dat die Kommissie "kennis met betrekking tot die resultate van navorsing en die toepassing daarvan sal versamel, assimileer en versprei, en ontwikkelingswerk vir die doeleinades van sodanige toepassing sal bevorder."

Vir die bevordering van sy program van inligting- en tegnologie-oordrag het die Kommissie verskeie aktiwiteite ontwikkel. Terwyl sommige van hierdie aktiwiteite op die oordrag van inligting toegespits is, val die klem veral op tegnologie-oordrag, dit wil sê die toepassing van navorsingsresultate, aangesien dit nog altyd die finale dividend van die navorsingsbelegging verteenwoordig. In die onderskeie hoofstukke van die jaarverslag word daar dikwels na sekere aksies vir die bevordering van tegnologie-oordrag gewys. In hierdie hoofstuk word daar nie besonderhede van die onderskeie aksies gegee nie, maar net verwys na die metodes om die aksies te bevorder.

### VENNOOTSKAPSNAVORSING

Venootskapsnavorsing word as 'n uiters doeltreffende metode vir die bevordering van tegnologie-oordrag beskou. Die venootskapsbeginsel word so ver as moontlik in navorsingskontrakte ingebou, wat beteken dat die eindgebruiker van die resultate as deelgenoot in die beplanning en uitvoering van navorsing betrek word.

### PUBLIKASIES

Die Kommissie se publikasies maak voorsiening vir drie vlakke, naamlik die suiwer-wetenskaplike, populêr-wetenskaplike en prakties-wetenskaplike vlakke.

#### Water SA



Water SA is die Kommissie se wetenskaplike tydskrif wat oorspronklike navorsingsartikels en oorsigartikels oor alle aspekte

van die waterwetenskap, -tegnologie en -ingenieurswese publiseer. Die eerste uitgawe is in April 1975 geloods en die tydskrif verskyn kwartaalliks.

Die tydskrif het 'n streng beoordelingstelsel en alle artikels wat vir publisering in *Water SA* aangebied word, word eers na beoordelaars verwys waarna besluit word oor publikasie al dan nie.

*Water SA* het 'n uitgebreide plaaslike sowel as buitelandse lezerskring. Dit geniet verder ook wêreldwyre dekking in die sin dat meer as 20 internasionale uittreksel-dienste opsommings van artikels wat in *Water SA* verskyn, versprei en bekend stel.

#### ***SA Waterbulletin***

Die *SA Waterbulletin* is 'n tweetalige tydskrif wat elke drie maande verskyn. Dit het ten doel om binne die breë gebied van waternavorsing:

- inligting oor water en waternavorsing op 'n populêr-wetenskaplike wyse aan die verskillende belangegroepe in die waterveld te verskaf;
- tegnologie-oordrag te bevorder deur middel van die bekendstelling van verslae, handleidings, gidse, ens. wat op resultate van waternavorsing gegronde is;
- kommunikasie tussen die Waternavorsingskommissie en instansies en persone te bevorder, soos met navorsers, ingenieurs, tegnici, staatsdepartemente, plaaslike owerhede en die nywerheids- en landbousektore; en
- sosiale nuus en wetenswaardighede (oor bv. konferensies en persoonlikhede) aan die waternavorsingsgemeenskap te verskaf.

Die blad is gedurende die oorsigjaar herontwerp om beter aan hierdie gestelde doelwitte te beantwoord en daar is begin met 'n indeling van die nuus vir die verskillende teikengroepe (besproeiing, hidrologie, watergehalte, ens.), 'n volkleurvoorblad en gratis volbladadvertensies om simposia, nuwe publikasies en dienste bekend te stel.

'n Spesiale bylae oor 'n konferensie in verband met die bepaling van watergehalte en die eerste nuusbrief van die WNK se nuutgestigte Rekensentrum vir Waternavorsing is ook gepubliseer.

#### **Handleidings, riglyne en verslae**

Met die afsluiting van 'n navorsingsprojek, en ook tydens die uitvoering van die navorsing, word resultate vir moontlike gebruik en toepassing geëvalueer en afhangende van die aard van die resultate word daar besluit oor die publisering, verspreiding en toepassing daarvan. Meer besonderhede oor hierdie publikasies verskyn in die onderskeie hoofstukke en in Bylae 2.

#### **Lys publikasies van die Kommissie**

In Bylae 2 van hierdie jaarverslag verskyn 'n lys publikasies (artikels, referate en vrygestelde verslae) wat gedurende 1986 verskyn het en wat voortgespruit het uit navorsing wat geheel of gedeeltelik deur die Kommissie ondersteun is.



## **KONFERENSIES, SEMINARE, WERKSESSIES EN DEMONSTRASIES**

Die Kommissie reël van tyd tot tyd alleen, of in samewerking met ander instansies, sodanige byeenkomste. Hierdie is ideale geleenthede waartydens persoonlike skakeling onderling tussen navorsers of tussen navorsers en toepassers van navorsingsresultate, bevorder word. Op hierdie wyse word die oordrag van inligting en tegnologie dus grootliks bevorder. In die onderskeie hoofstukke word meer inligting oor byeenkomste wat gedurende die jaar gehou is, gegee.

## **MASSAMEDIA**

Die klem val in hierdie verband op inligtingoordrag en vir die doel word persvrystellings, die radio en televisie gebruik.

## **BENUTTING VAN BUITELANDSE KUNDIGHEID**

Dit is in nasionale belang om buitelandse kundigheid en kennis te benut waar dit nie plaaslik beskikbaar is nie en die Kommissie gaan op verskeie maniere te werk om dit te bewerkstellig. So byvoorbeeld word buitelandse deskundiges as konsultante gebruik en die Kommissie stuur van tyd tot tyd studiegroepe na die buitenland om kennis oor 'n spesifieke probleemgebied in te win. Meer inligting hieroor verskyn in die onderskeie hoofstukke.



# 19

## FINANSIELE STATE

Die Staat van Inkomste en Uitgawe en die Balansstaat is kragtens artikel 14(2) van die Waternavorsingswet, 1971 (Wet nr. 34 van 1971), soos gewysig, opgestel en deur die Ouditeur-generaal gesertifiseer en dek die tydperk 1 Januarie 1986 tot 31 Desember 1986.

Die Kommissie se inkomste is verkry uit belastings en vorderings op waterverbruik en op ingelyste besproeiingsgrond. Die tariewe vir die 1986-boekjaar was 0,60 c/m<sup>3</sup> vir water wat vir stedelike, nywerheids- of huishoudelike gebruik verskaf word, en 80 c/ha vir grond wat vir besproeiing ingelys is.



## WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

STAAT 1

## Balansstaat soos op 31 Desember 1986

| 1985        | Laste                                  | 1986           |               | 1985      | Bates                               | 1986         |                |
|-------------|--|----------------|---------------|-----------|-------------------------------------|--------------|----------------|
| R           |  | R              | R             | R         |                                     | R            | R              |
|             | Opgehoopde Fondse –                    |                |               |           | *Kapitaalbates –                    |              |                |
|             | Saldo op 31/12/85 .....                | 12 124 566,23  |               | 5 000     | Grond (Kosprys) .....               |              | 5 000,00       |
| 12 124 566  | Plus: Inkomste bo uitgawes, 1986 ..... | 311 812,40     | 12 436 378,63 | 6 789     | Motorvoertuie .....                 | 30 773,75    |                |
|             | Diverse krediteure –                   |                |               |           | Min: Waardevermindering .....       | 2 944,05     | 27 829,70      |
| 110 296     | Vooruitbetaalde inkomste .....         |                | 31 550,61     | 132 900   | Kantooroerusting .....              | 230 933,40   |                |
|             |  |                |               |           | Min: Waardevermindering .....       | 11 931,13    | 219 002,27     |
|             |  |                |               | 31 613    | Kantormeubels .....                 | 32 532,78    |                |
|             |  |                |               |           | Min: Waardevermindering .....       | 1 612,93     | 282 751,82     |
|             |  |                |               | 5 290 062 | Lening .....                        |              | 7 233 221,85   |
|             |  |                |               | 2 745 392 | Beleggings .....                    | 2 234 070,90 |                |
|             |  |                |               |           | Plus: Opgeloopte rente .....        | 51 648,12    | 2 285 719,02   |
|             |  |                |               |           | Lopende bedryfsbates –              |              |                |
|             |  |                |               |           | Diverse debiteure –                 |              |                |
|             |  |                |               |           | Uitstaande inkomste .....           | 975 337,03   |                |
|             |  |                |               | 1 366 931 | In transito .....                   | 214 106,72   | 1 189 443,75   |
|             |  |                |               | 2 570 747 | Projekvoorskotte (Staat 3) .....    | 1 286 314,84 |                |
|             |  |                |               | 984       | Verblyf- en vervoervoorskotte ..... | 919,09       |                |
|             |  |                |               | 2 886     | Motorfinansiering .....             | 122 119,82   |                |
|             |  |                |               | 300       | Deposito's .....                    | 300,00       | 1 409 653,75   |
|             |  |                |               | 150       | Kontant voorhande .....             |              | 150,00         |
|             |  |                |               | 81 108    | Kontant in bank .....               |              | 66 989,05      |
| R12 234 862 |  | R12 467 929,24 |               |           |                                     |              | R12 467 929,24 |

\*Kapitaalbates wat deur organisasies met behulp van navorsingstoekennings aangekoop is, is nie ingesluit nie.

Pretoria, 2 Junie 1987

(Get.) P.E. Odendaal  
Uitvoerende Direkteur

Bostaande Balansstaat is ingevolge die bepalings van artikel 42(4) van die Skatkis- en Oudtwet, No. 66 van 1975, gelees met artikel 14(1) van die Waternavorsingswet, No. 34 van 1971, geouditeer en is na my mening 'n ware en redelike weergawe van die geldelike sake van die Waternavorsingskommissie.

Kaapstad, 29 Junie 1987

(Get.) J.H. de Loor  
Ouditeur-generaal

## WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

STAAT 2

# Inkomste- en -uitgawerekening vir die jaar geëindig 31 Desember 1986

| 1985        | Uitgawes   | 1986         | 1985           | Inkomste  | 1986         |
|-------------|--|--------------|----------------|---|--------------|
| R           |  | R            | R              |   | R            |
| 1 600 862   | Salarisse en toelaes .....   | 1 710 435,41 |                |   |              |
| 35 367      | Verblyfkoste .....   | 46 716,33    |                |   |              |
| 5 393       | Motorvervoer .....   | 6 945,51     |                |   |              |
| 109 229     | Algemene vervoer .....   | 161 699,91   |                |   |              |
| 450         | Toelaes aan Kommissielede .....  | 1 800,00     | 131 627        | Belastings<br>Staatsbesproeiingskemas met<br>kanaalstelsels:<br>Ontvang ..... | 143 730,09   |
| 10 945      | Pos- en telegraafdienste .....   | 9 082,85     |                | Plus: Uitstaande .....  | 13 698,71    |
| 24 793      | Telefoondienste .....  | 40 447,82    |                |   | 157 428,80   |
| 32 443      | Drukwerk en skryfbehoeftes .....   | 34 758,57    | 127 017        | Besproeiingsraadskemas:<br>Ontvang .....                                      | 148 103,16   |
| 1 858       | Advertensies .....   | 3 159,80     |                | Plus: Uitstaande .....  | 2 884,27     |
| 174 239     | Publikasies en Inligting .....   | 226 418,85   |                |   | 150 987,43   |
| 6 701       | Tegnologie- en inligtingsoordrag .....   | 8 392,76     |                | Vorderings<br>Gemeterde water uit Staatskemas:<br>Ontvang .....               | 9 106 430,33 |
| 19 617      | Huur en onderhoud van kantooroerusting .....   | 25 878,34    | 7 714 262      | Plus: Uitstaande .....  | 376 590,68   |
| 5 387       | Onthaal .....  | 8 674,77     |                |   | 9 483 021,01 |
| 54 740      | Kantoorhuur .....  | 58 261,61    |                | Munisipaliteit:<br>Ontvang .....  | 2 018 978,55 |
| 410         | Instandhouding van en veranderings aan kantore .....   | 1 114,08     | 1 680 338      | Plus: Uitstaande .....  | 4 109,09     |
| 5 790       | Elektrisiteit .....  | 6 573,37     |                |   | 2 023 087,64 |
| 445         | Onderhoud en huur van meubels .....  | 207,88       |                | Rente op agterstallige belastings en<br>vorderings .....                      | 4 372,70     |
| 5 026       | Tik- en verlaaddienste .....   | 3 806,53     | 2 491          |   |              |
| 7 378       | Versekering en lisensies .....   | 7 618,27     |                | Rente op beleggings:<br>Ontvang .....   | 188 678,44   |
| 93 694      | Invoerderingsfooie .....   | 119 197,39   | 409 214        | Opgeloop .....  | 51 648,12    |
| 3 555       | Ouditgelde .....   | 1 847,00     |                |   | 240 326,56   |
| 14 223      | Regskoste .....  | 6 447,80     |                | Diverse inkomste .....  | 39 247,33    |
| 21 335      | Registrasies en ledegelde .....  | 27 348,48    |                |   |              |
| 12 292      | Diverse kleinuitgawes .....  | 9 442,68     |                |   |              |
| 10 310      | Waardevermindering .....   | 16 488,11    |                |   |              |
| 5 370 610   | Navorsingsprojekte en navorsingsondersteuningsdienste<br>(Staat 3) .....   | 8 877 902,44 |                |   |              |
|             | Kontraktering van navorsers en kundigheid:   |              |                |   |              |
| 162 862     | Weermodifikasie te Bethlehem .....   | 102 531,38   |                |   |              |
|             | Ondersoek na en modellering van gewas-<br>waterverbruik en -produktiwiteit onder<br>waterstremmingstoestande ..... |              |                |   |              |
| 116 564     | Navorsing oor die dolomitiiese grondwater-<br>bronne in die voorsieningsgebied van die<br>Randwaterraad .....      | 85 406,81    |                |   |              |
| 34 136      |  | —            |                |   |              |
| 100 000     | Navorsings- en ander toekenningss .....  | 110 000,00   |                |   |              |
| 146 030     | Spesialis- en konsultasielidste .....  | 68 054,32    |                |   |              |
| 1 894 057   | Inkomste bo uitgawes .....   | 311 812,40   |                |   |              |
| <hr/>       |  |              | <hr/>          |   |              |
| R10 080 741 |  |              | R12 098 471,47 |   |              |
| <hr/>       |  |              | <hr/>          |   |              |
| R10 080 741 |  |              | R12 098 471,47 |   |              |
| <hr/>       |  |              | <hr/>          |   |              |

**WATERNAVORSINGSKOMMISSIE  
STAAT 3**

**Staat van uitgawes en uitstaande voorskotte ten opsigte van  
navorsingsprojekte en navorsingsondersteuningsdienste  
soos op 31 Desember 1986**

| Projek   | Uitgawes     |                        | Totale<br>voorskotte<br>uitstaande<br>soos op<br>31/12/86 |
|--|--------------|------------------------|---|
|  | 1986         | Totaal tot<br>31/12/86 |   |
| <b>1. NAVORSINGSPROJEKTE</b>   | R            | R                      | R   |
| Tegnologiese ontwikkeling van waterherwinning op basis van die Windhoek-aanleg . . . . .   | 16 778,48    | 806 817,09             | 2 531,52  |
| Die konstruksie en bedryf van die prototipe Kaapse Vlakte-waterherwinningssaanleg en waaktoetsing van die gehalte van herwonne water . . . . .   | 99 177,43    | 907 586,62             | 91 813,52   |
| Navorsing oor die waterbehoeftes van sekere akkerbougewasse en groente-gewasse . . . . .   | 69 228,41    | 298 444,41             | —   |
| Navorsing oor die invloed van verskillende tye en intensiteit van interne plantvog-stremming op fotosintese, respirasie en watergebruiksdoeltreffendheid van sekere akkerbougewasse . . . . .                | 31 329,66    | 332 331,80             | 27 130,34   |
| Die behandeling en wegdoening van munisipale slyke: Navorsing oor pasteurisasie en termofiliese anaerobiese vertering van slyk . . . . .   | 6 804,86     | 47 363,94              | *(637,77)   |
| Navorsing oor geïntegreerde studies van die generering van afloop, opgeloste stowwe en sediment in die sytakopvanggebied van die Groot Visrivier . . . . .   | 94 197,33    | 396 956,22             | 17 943,78   |
| Die behandeling en wegdoening van munisipale slyke: Kompostering van rioolslyk deur middel van suigbelugting; prototiestudie . . . . .   | 16 992,00    | 134 575,86             | *(887,00)   |
| Die ontwikkeling van die nodige apparaat en programme vir die monitor en bestuur van besproeiingstelsels . . . . .   | 117 425,34   | 521 768,44             | 6 021,56  |
| Navorsing oor en ontwikkeling van membraanondersteuningstelsels vir tru-osmose en ultrafiltrasie . . . . .   | 14 491,55    | 343 171,70             | —   |
| Waaktoetsing van die virologiese gehalte van herwonne water vanaf die prototipe Kaapse Vlaktewaterherwinningssaanleg . . . . .   | 28 443,07    | 107 909,46             | *(7 576,43)   |
| Navorsing oor die hersiening van die tyd- en ruimtelike verspreiding van neerslag-statistieke in Suidelike Afrika . . . . .  | 126 615,82   | 238 777,23             | 3 824,18  |
| Navorsing oor stedelike hidrologie en dreinering . . . . .   | 80 748,77    | 305 600,70             | 49 399,30   |
| Navorsing oor die ontwikkeling van procedures vir die keuse van geskikte besproeiingsmetodes en vir die ontwerp van besproeiingstelsels . . . . .  | 41 000,00    | 517 437,95             | *(1 359,70)   |
| Navorsing oor 'n koringbesproeiingskeduleringsdienst vir die Vrystaatstreek . . . . .  | 20 714,00    | 119 950,29             | 36,00   |
| 'n Gedetailleerde ontslewing van streekgrondvogtekorte vir besproeiingsbeplanning in Suidelike Afrika . . . . .  | 37 379,12    | 54 977,51              | *(3 979,12)   |
| Navorsing oor gedetailleerde geohidrologiese ondersoeke in die Poesjenjelsrivier-opvanggebied in die Breëriviervallei met spesiale verwysing na mineralisasie . . . . .                                      | 43 627,01    | 202 213,56             | *(9 935,56)   |
| Waterbestuur en uitvloeiselbehandeling in die tekstielhywerheid: Behandeling van was- en bleekuitvloeisel . . . . .  | 330 144,57   | 693 619,56             | —   |
| Navorsing oor die behandeling van nywerheidsuitvloeiels met hoë sout- en organiese inhoud . . . . .  | 44 600,00    | 329 087,30             | —   |
| Navorsing oor en ondersoek na die gebruik van fisies-chemiese tegnieke vir water en afvalwaterbestuur in die vleisprosesseringsnywerheid . . . . .   | 180 066,00   | 500 600,00             | *(29 475,00)  |
| Navorsing oor die inhibering van bakteriese oksidasie van piriet en die mee-gaande suurmynwater . . . . .  | 31 976,43    | 135 213,47             | 922,96  |
| 'n Onderzoek na die toestand van gronde wat vir 'n lang termyn besproei is en 'n evaluering van toepaslike seleksionerme en herwinnings- en beheerraadtreëls . . . . .                                       | 18 480,59    | 49 319,84              | 7 809,16  |
| Navorsing oor die bydrae van mynhoede tot mineraalbesoedeling in die Vaal-Barrage . . . . .  | —            | 149 523,16             | 45 476,84   |
| Navorsing oor die bevordering van biologiese fosfaatverwydering uit rioolwater deur die proses se toevoersamestelling te wysig . . . . .   | 33 666,56    | 204 478,30             | 4 486,90  |
| Hidrologiese navorsing in opvanggebiede van die Oostelike en Suidelike Kaap-provincie . . . . .  | 120 944,53   | 314 913,41             | 5 866,59  |
| Navorsing oor die evaluering van hidrologiese vloedberamingstegnieke vir klein opvanggebiede sonder meetstrukture . . . . .  | —            | 195 056,32             | 14 867,65   |
| Die ontwikkeling van gerekenariseerde evalueringstegnieke vir droë-verkoelingstelsels . . . . .  | 14 000,00    | 264 612,60             | —   |
| Navorsing oor die inhibering van alggroei deur middel van waterhiasint . . . . .   | 17 035,93    | 31 935,06              | 3 064,94  |
| Navorsing oor die gebruik van die grond/wortelkonduktansie-indeks en stremmingsverhouding as insette vir die bepaling van die besproeiingsvereistes vir geselekteerde grond/plant/atmosfeersisteme . . . . . | 57 019,01    | 209 804,37             | 2 308,87  |
| 'n Nasionale opname oor nywerheidswater en -afvalwater . . . . .   | 1 419 556,81 | 1 871 188,12           | 1 743,00  |
| Navorsing oor biologiese skuum in die geaktiveerde-slykproses . . . . .  | 27 930,43    | 51 219,90              | 11 000,00   |
| Navorsing oor biologiese oormaatfosaatverwydering . . . . .  | 164 692,78   | 426 243,41             | *(41 607,14)  |
| 'n Onderzoek oor grondwaternaamvulling deur reënval . . . . .  | 136 331,29   | 456 598,80             | *(9 031,29)   |
| Navorsing oor die ontwikkeling van 'n nasionale grondwater databank . . . . .  | 196 248,58   | 502 849,53             | 36 150,42   |
| Navorsing oor korreksiefaktore vir die verdampingsmeterkoeffisiënte wat by skedulering van besproeiing van koring gebruik word . . . . .   | 92 483,40    | 153 485,13             | 3 516,60  |
| Navorsing oor die praktiese skedulering van besproeiing in die Noordelike Transvaal . . . . .  | 91 319,54    | 105 964,03             | 38 035,97   |

### STAAT 3 (vervolg)

| Projek   | Uitgawes            |                      | Totale voorskotte uitstaande soos op 31/12/86 |
|--|---------------------|----------------------|---|
|  | 1986                | Totaal tot 31/12/86  |   |
| Navorsing oor die kwantifisering en beperking van waterverliese onder spilpuntbesproelingstelsels .....  | R 43 623,92         | R 106 554,88         | R 18 054,20                                   |
| Navorsing oor toegepaste hidrologiese proses- en modelleringstudies vir die bepaling van water- en sedimentlewering .....  | 305 615,43          | 524 851,70           | *(2 851,70)                                   |
| Navorsing oor ontwerpstormvloei- en spitsaflooptempo's vir klein opvanggebiede in Suid-Afrika .....  | 157 547,50          | 162 118,95           | 2 602,50                                      |
| Hidrologiese navorsing in opvanggebiede in Noordoos-Natal .....  | 93 227,37           | 111 410,37           | 9 732,63                                      |
| Navorsing oor waterverliesontledings in munisipale waterverspreidingstelsels .....   | 304 018,00          | 308 615,00           | 143 085,00                                    |
| Navorsing oor termiese ferugvoer wat deur droë-verkoeling by kragtasties veroorsaak word .....   | 38 000,00           | 117 928,00           | *(6 913,00)                                   |
| Navorsing oor die evaluering en optimisering van volskaalse chemiese fosfaatwyderying in sypelbedrooiwatersuiweringsprosesse .....   | 45 095,97           | 86 757,99            | 18 000,53                                     |
| Navorsing oor die wegdoening van afvalwater in die see: 'n Gids vir die wegdoening van afvalwater in die see .....   | 9 168,14            | 70 000,00            | —   |
| Navorsing oor die behandeling van wolwasseryuitvloeiels .....  | 688 477,63          | 688 477,63           | *(12 557,63)                                  |
| Die evaluering van die tegniese werkverrigting van 'n volskaalse aanleg vir die behandeling van nywerheidsafvalwater: Die behandeling van tekstielkleurdery-uitvloeiels deur middel van hiperfiltrasie en verdamping .....                           | 23 897,43           | 44 162,72            | 2 412,28                                      |
| Die ontwikkeling van ondersteuningstelsels vir kruisvloeimikrofiltrasie en die evaluering van die tegniese werkverrigting daarvan by nywerheidswater en -afvalwater .....  | 289 810,26          | 289 810,26           | 19 699,74                                     |
| Navorsing oor en die ontwikkeling en volskaalse evaluering van voorkomende en regstellende metodes vir die beheer van geaktiveerde slibtycling .....   | 64 184,69           | 92 216,93            | *(9 760,11)                                   |
| Navorsing oor die verbetering van besproeiingsbestuur gegrond op grondwatermonitoring en gedetailleerde kennis van profielbeskikbare waterkapasiteite .....  | 45 722,95           | 45 722,95            | 83 077,05                                     |
| Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings op besproeiingsboerderye, mynbou, elektrisiteitsvoorsiening en die sentrale overheid .....  | 51 200,00           | 105 000,75           | —   |
| Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings op nywerhede en plaaslike besture .....   | 28 082,39           | 28 082,39            | 46 917,61                                     |
| Navorsing oor die sosio-ekonomiese verliese vir die huishouding as gevolg van beperkings op waterverbruik .....  | 16 933,00           | 236 433,00           | —   |
| Navorsing oor die benuttingspotensiaal van Karoowaterdraers .....  | 154 074,28          | 353 627,32           | 67 212,72                                     |
| Navorsing oor membraanontwikkeling en -vervaardiging vir tru-osmose en ultrafiltrasie .....  | 391 785,05          | 672 565,21           | 77 984,79                                     |
| Navorsing oor die gesondheidssimplikasies van die inname van chemiese kontaminante deur die mens .....   | —                   | 9 600,77             | 3 541,13                                      |
| Die ontwikkeling van bestuursgeoriënteerde modelle in eutrofikasiebeheer .....   | 62 327,00           | 128 586,00           | 10 673,00                                     |
| Die modellering van grondwaterkwaliteit in die Atlantis-akwifeer .....   | 124 640,74          | 164 037,42           | 99 358,58                                     |
| Die ontwikkeling van 'n rekenaarprogram om watervloei in verspreidingskanale te simuleer .....   | 2 744,44            | 25 097,24            | 54 902,76                                     |
| Navorsing oor waterverbruik en moontlike waterbesparing in woonstelgeboue .....  | 16 559,86           | 32 292,91            | *(1 292,91)                                   |
| Navorsing oor die moontlike kroniese gesondheidseffekte van die inname van herwonne water deur verbruikers te Windhoek .....   | 15 951,67           | 15 951,67            | *(15 951,67)                                  |
| Loodsaanlegstudies oor die ontsouting van ondergrondse mynwater met behulp van elektrodialise met omkeerbare polariteit .....  | 13 093,42           | 13 093,42            | —   |
| Navorsing oor chemiese karakterisering van munisipale slyke in Suid-Afrika .....   | 13 627,00           | 13 627,00            | *(727,00)                                     |
| Navorsing oor die evaluering van die impak van die fosfaatstandaard op watergehalte en trofiese status van die Hartbeespoordam .....   | 65 074,00           | 65 074,00            | 4 926,00                                      |
| Navorsing oor doeltreffende waterbenutting deur middel van 'n alg-akwakultuurstelsel .....   | 8 088,23            | 8 088,23             | 3 845,77                                      |
| Navorsing oor die effekte van verstedeliking op die waterbalans van 'n opvanggebied .....  | —                   | —                    | 180 000,00                                    |
| 'n Loodsondersoek van die besproeiingsgebied wat deur die Breederivier-(Robertson-) besproeiingskanaal bedien word .....   | 105 546,07          | 105 546,07           | —   |
| Navorsing oor drupbesproeiing van tamaties .....   | —                   | —                    | 210 000,00                                    |
| Navorsing oor epidemiologiese waaktoetsing van potensiële veranderinge in drinkwatergehalte .....  | 97 491,68           | 97 491,68            | *(22 266,42)                                  |
| Die ontwikkeling van polimere vir die vorming van dinamiese membrane en die evaluering daarvan vir die behandeling van nywerheidsuitvloeiels .....   | 184 271,81          | 184 271,81           | *(7 311,81)                                   |
| 'n Ondersoek na die water- en uitvloeielsbeheer in die pulp- en papiernywerheid: Evaluering van die tegniese werkverrigting van 'nloodskalaanleg vir die behandeling van pulp- en papieruitvloeiels met kruisvloeimikrofiltrasie en tru-osmose ..... | 28 000,00           | 28 000,00            | —   |
| Navorsing oor die evaluering en optimisering van die dubbelverteringsproses van rooilwaterslyk .....   | 46 854,00           | 46 854,00            | 30 346,00                                     |
| Modelstudies van lugvloepatrone in meganiese trek lugverkoelsisteme by kragtasties .....   | 35 000,00           | 35 000,00            | *(35 000,00)                                  |
| Rekenaar- en laboratoriumoptimiseringstudies oor droë- en droë-natverkoeling .....   | 184 063,38          | 184 063,38           | 70 041,70                                     |
| Navorsing oor die gangbaarheid van tru-osmose vir waterherwinning op volskaal .....  | 250 000,00          | 250 000,00           | —   |
| Die ontwikkeling van 'n draagbare toksisiteitsmeter vir water .....  | —                   | —                    | 12 000,00                                     |
| 'n Ondersoek na die voorkoms en konsentrasie van trihalometane en hulle voorlopers in Suid-Afrikaanse drinkwater .....   | 1 394,00            | 1 394,00             | 3 606,00                                      |
| Navorsing oor 'n evaluering van die vermoëns van 'n aantal sout- en watervoermodelle om die kwantiteit en kwaliteit van water wat die wortelsone verlaat, te voorspel .....  | 41 171,87           | 41 171,87            | 31 128,13                                     |
| Die ontwikkeling van fosfaatuitvoermodelle vir opvanggebiede .....   | 4 802,00            | 4 802,00             | 4 998,00                                      |
| <b>TOTAAL .....</b>  | <b>7 872 614,48</b> | <b>17 479 974,61</b> | <b>1 362 974,96</b>                           |

### STAAT 3 (vervolg)

| Projek  | Uitgawes            |                      | Totale voorskotte uitstaande soos op 31/12/86 |
|---|---------------------|----------------------|---|
|   | 1986                | Totaal tot 31/12/86  |   |
| <b>2. NAVORSINGSONDERSTEUNINGSDIENSTE</b>                             |                     |                      | R   |
| Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Water .....                      | 301 189,51          | 582 559,31           | *(78 315,22)                                  |
| Die daarstelling van 'n nasionale hidrologiese inligtingstelsel ..... | 595 753,55          | 782 237,70           | —   |
| Daarstelling van 'n rekensentrum vir waternavorsing .....             | 108 344,90          | 108 344,90           | 1 655,10                                      |
| <b>TOTAAL .....</b>   | <b>1 005 287,96</b> | <b>1 473 141,91</b>  | <b>*(76 660,12)</b>                           |
| <b>GROOTTOTAAL .....</b>  | <b>8 877 902,44</b> | <b>18 953 116,52</b> | <b>1 286 314,84</b>                           |

\*Bedrae waarmee die uitgawes die voorskotte oorskry het vir projekte

## WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

## STAAT 4

## Begroting 1987

|  | R                 | R            |
|--|-------------------|--------------|
| <b>VERWAGTE INKOMSTE</b>   |                   |              |
| Belastings en Vorderings ingevolge Artikel 11 van die Waternavorsingswet   | 13 956 000        |              |
| Rente op belegging   | 150 000           |              |
|  | <hr/>             |              |
| Aanwending uit opgehoede fonds   | 14 106 000        |              |
|  | 356 713           |              |
|  | <hr/>             |              |
| <b>TOTALE VERWAGTE INKOMSTE</b>  | <b>14 462 713</b> | <b><hr/></b> |
| <b>VERWAGTE UITGAWES</b>   |                   |              |
| <b>Administratiewe uitgawes:</b>   |                   |              |
| Salarisse en toelaes   | 1 919 000         |              |
| Verblyf en Vervoerkoste  | 248 500           |              |
| Pos, telegraaf en telefoon   | 49 000            |              |
| Drukwerk, skryfbehoefte, advertensies en publikasies   | 363 000           |              |
| Algemene uitgawes  | 369 600           | 2 949 100    |
|  | <hr/>             |              |
| <b>NAVORSINGSPROJEKTE</b>  |                   |              |
| <b>Goedgekeurde projekte</b>   |                   |              |
| Tegnologiese ontwikkeling van waterherwinning op basis van die Windhoekaanleg  | 6 000             |              |
| Navorsing oor die invloed van verskillende tye en intensiteit van interne plantvogstremming op fotosintese, respirasie en watergebruiksdoeltreffendheid van sekere akkergewasse                    | 45 100            |              |
| Navorsing oor die hersiening van die tyd- en ruimtelike verspreiding van neerslagstatistiek in Suidelike Afrika  | 39 300            |              |
| 'n Gedetailleerde ontleiding van streekgrondvogtekorte vir besproeiingsbeplanning in Suidelike Afrika  | 10 350            |              |
| Navorsing oor gedetailleerde geohidrologiese ondersoeke in die Poesjenelsrivieropvanggebied in die Breëriviervallei met spesiale verwysing na mineralisasie  | 12 000            |              |
| Navorsing oor die inhibering van bakteriese oksidasie van pirlief en die meegaande suurmynwater  | 24 400            |              |
| 'n Ondersoek na die toestand van gronde wat vir 'n lang termyn besproei is en 'n evaluering van toepaslike seleksienorme en herwinnings- en beheermaatreëls  | 15 000            |              |
| Navorsing oor die bevordering van biologiese fosfaatverwydering uit rioolwater deur die proses se toevoersamestelling te wysig   | 45 000            |              |
| Hidrologiese navorsing in opvanggebiede van die Oostelike en Suidelike Kaapprovincie   | 162 900           |              |
| Navorsing oor die gebruik van die grond/wortelkonduktansie-indeks en stremmingsverhouding as insette vir die bepaling van die besproeiingsvereistes vir geselekteerde grond/plant/atmosfeersysteme | 65 200            |              |
| 'n Nasionale opname oor nywerheidswater en -afvalwater   | 509 200           |              |
| Navorsing oor biologiese oormaatfosfaatverwydering   | 147 100           |              |
| 'n Ondersoek oor grondwateraanvulling deur reënval   | 130 300           |              |
| Navorsing oor die ontwikkeling van 'n nasionale grondwater databank  | 167 000           |              |
| Navorsing oor korreksiefaktore vir die verdampingsmeterkoëffisiënte wat by skedulering van besproeiing van koring gebruik word   | 72 100            |              |
| Navorsing oor die praktiese skedulering van besproeiing in die Noordelike Transvaal  | 67 400            |              |
| Navorsing oor die kwantifisering en beperking van waterverliese onder spilpuntbesproeiingstelsels  | 61 000            |              |
| Navorsing oor toegepaste hidrologiese proses- en modelleringstudies vir die bepaling van water-en sedimentlewering   | 254 000           |              |
| Navorsing oor ontwerpstormvloei- en spitsaflooptempo's vir klein opvanggebiede in Suider-Afrika  | 46 000            |              |
| Navorsing oor termiese terugvoer wat deur droë verkoeling by kragtstasies veroorsaak word  | 40 000            |              |
| Navorsing oor die evaluering en optimisering van volskaalse chemiese fosfaatverwydering in sypelbedrioolwatersuiweringsprosesse  | 15 100            |              |
| Navorsing oor die behandeling van wolwasseryuitvloeisels   | 73 900            |              |
| Evaluering van die tegniese werkverrigting van 'n volskaalse aanleg vir die behandeling van tek-stielkleurderyuitvloeisel  | 4 000             |              |
| Die ontwikkeling van ondersteuningstelsels vir kruisvlodemikrofiltrasie en die evaluering van die tegniese werkverrigting daarvan by nywerheidswater en -afvalwater                                | 112 400           |              |
| Navorsing oor en die ontwikkeling en volskaalse evaluering van voorkomende en regstellende metodes vir die beheer van geaktiveerde slibkuitding  | 68 500            |              |
| Navorsing oor die verbetering van besproeiingsbestuur gegrond op grondwatermonitering en gedetailleerde kennis van profielbeskikbare waterkapasiteite  | 110 000           |              |
| Navorsing oor die sosio-ekonomiese gevolge van waterbeperkings op nywerhede en plaaslike besture   | 5 000             |              |
| Navorsing oor die sosio-ekonomiese verliese vir die huishouding as gevolg van beperkings op waterverbruik  | 15 000            |              |
| Navorsing oor die benuttingspotensiaal van Karoowaterdraers  | 179 200           |              |
| Navorsing oor membraanontwikkeling en -vervaardiging vir tru-osmose en ultrafiltrasie  | 528 000           |              |
| Die ontwikkeling van bestuursgeoriënteerde modelle in eutrofikasiebeheer   | 88 600            |              |
| Die modellering van grondwaterkwaliteit in die Atlantis-akwififer  | 316 000           |              |
| Die ontwikkeling van 'n rekenaarprogram om watervloei in verspreidingskanale te simuleer   | 58 500            |              |
| Navorsing oor waterverbruik en moontlik waterbesparing in woonstelgeboue   | 3 300             |              |
| Navorsing oor die moontlike kroniese gesondheidseffekte van die inname van herwonne water deur verbruikers te Windhoek   | 20 300            |              |
| Navorsing oor chemiese karakterisering van munisipale slyke in Suid-Afrika   | 24 000            |              |
